




NWU VERWYSINGS- GIDS



NWU Harvard
Verwysingstyl van die NWU Fakulteit Regte
APA

Derde uitgawe
Anneke Coetzee

2020

Noordwes-Universiteit
Biblioteek- en Inligtingsdiens

NWU Verwysingsgids

NWU Harvard

Verwysingstyl van die NWU Fakulteit Regte

APA

©2020 Biblioteek- en Inligtingsdiens
Noordwes-Universiteit

Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie.

Grafiese Ontwerp deur Karin Joubert (Grafiese Dienste)
Gedruk en gebind deur Ivyline

ISBN 978-1-86822-708-2

VOORWOORD



In die strewende om akademiese integriteit te handhaaf het die Noordwes-Universiteit drie verwysingsstyle aanvaar vir gebruik deur studente en personeel. Hulle is: APA, NWU Harvard en die NWU Fakulteit Regte se verwysingsstyl. Ter ondersteuning van hierdie strewende, stel die Biblioteek en Inligtingsdiens met groot vreugde hierdie gids tot beskikbaarheid van ons gebruikers.

Daar word wyd geglo dat nuwe kennis gebou word op bestaande kennis wat in boeke, tydskrifte en ander kanale van inligting opgeneem word. Wanneer sodanige inligting gebruik word, word van die gebruiker verwag om erkenning te gee aan die bron deur die skrywers daarvan aan te haal. Indien dit nie gedoen word nie, kan dit lei tot akademiese ongerymdhede soos plagiaat en dit kan wetlik strafbaar wees.

Hierdie gids sal ons gebruikers help met inligting oor hoe om inligtingsbronne aan te haal deur enige van die verwysingsstyle wat deur die NWU aanvaar is, te gebruik. Dit is belangrik vir ons om te noem dat hierdie uitgawe bygewerk is in ooreenstemming met veranderings in die Harvard verwysingsstyl. Kontak asb. jou dosent indien jy nie seker is watter styl om te gebruik nie. Die Biblioteek en Inligtingsdiens bied ook opleiding in die aanhaal van bronne en hoe om hierdie gids te gebruik. Indien jy nie seker is hoe om die gids te gebruik nie, kontak asb. jou Fakulteitsbibliotekaris.

Die Biblioteek en Inligtingsdiens wil graag erkenning gee aan die reuse bydrae van Mev. Anneke Coetzee tot hierdie gids wat, soos reeds genoem, 'n hersiening van die Harvard styl insluit. Ons waardering gaan ook aan al die ander kollegas wat op een of ander manier bygedra het tot hierdie gids.

Geniet dit!

Dr. Mathew Moyo

NWU

VERWYSINGS-


GIDS




NWU HARVARD 3

REGTE 59

APA-STYL 85





INHOUDSOPGAWE

| | | |
|-----------|--|----|
| 1. | INLEIDING | 5 |
| 1.1 | Plagiaat | 5 |
| 1.2 | Doel van aanhalings (in teks) en verwysings (bronnelys) | 5 |
| 2. | TEKSVERWYSINGS | 6 |
| 2.1 | Outeurs | 6 |
| 2.1.1 | Een outeur | 7 |
| 2.1.2 | Twee outeurs | 7 |
| 2.1.3 | Drie tot sewe outeurs | 7 |
| 2.1.4 | Meer as sewe outeurs | 8 |
| 2.1.5 | Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar | 9 |
| 2.1.6 | Twee outeurs met dieselfde van in dieselfde jaar | 9 |
| 2.1.7 | Anonieme outeur / Geen outeur aangedui nie | 11 |
| 2.1.8 | Instansie / organisasie as outeur | 11 |
| 2.2 | Direkte aanhalings | 12 |
| 2.3 | Indirekte aanhalings / parafrases | 13 |
| 2.4 | Sekondêre aanhalings | 13 |
| 2.5 | Teksverwysings na meer as een bron | 14 |
| 3. | DIE BRONNELYS | 14 |
| 3.1 | Algemene beginsels | 14 |
| 3.2 | Alfabetisering in die bronnelys | 15 |
| 3.3 | Elemente van 'n inskrywing in die bronnelys | 16 |
| 3.3.1 | Outeurs | 16 |
| 3.3.2 | Datum van publikasie | 16 |
| 3.3.3 | Titel en uitgawe | 17 |
| 3.3.3.1 | Titel | 17 |
| 3.3.3.2 | Uitgawe (boeke) | 18 |
| 3.3.4 | Uitgewersinligting (boeke) | 19 |
| 3.3.4.1 | Plek van uitgewer | 19 |
| 3.3.4.2 | Uitgewer | 20 |
| 3.3.4.3 | Reeks (opsioneel) | 20 |
| 4. | VERWYSINGS NA SPESIFIEKE BRONNE IN DIE BRONNELYS | 21 |
| 4.1 | Boeke | 21 |
| 4.1.1 | Boeke met redakteurs | 21 |
| 4.1.2 | Vertalings | 22 |
| 4.2 | Hoofstuk in 'n versamelwerk | 22 |
| 4.2.1 | Versamelwerke met verskillende datums | 22 |
| 4.3 | Elektroniese boeke (e-boeke) | 23 |
| 4.3.1 | E-boeklesers | 23 |
| 4.3.2 | E-boeke vanaf aanlynbiblioteke | 23 |
| 4.3.3 | Hoofstuk in e-versamelwerk | 24 |
| 4.4 | Ensiklopedieë | 24 |
| 4.4.1 | Gedrukte ensiklopedieë | 24 |

| | | |
|-----------|---|-----------|
| 4.4.2 | Elektroniese ensiklopedieë | 24 |
| 4.5 | Woordeboeke | 25 |
| 4.5.1 | Woordeboeke met 'n outeur(s) | 25 |
| 4.5.2 | Woordeboeke met 'n redakteur(s) of samesteller(s) | 25 |
| 4.5.3 | Woordeboeke met redakteur(s) of samesteller(s), elke artikel deur verskillende outeur(s) | 26 |
| 4.5.4 | Aanlyn woordeboeke | 26 |
| 4.5.5 | Woordeboeke op slimfoontoepassings | 27 |
| 4.6 | Proefskrifte en verhandelinge | 27 |
| 4.7 | Tydskrifartikels | 29 |
| 4.7.1 | Aanlyn tydskrifartikels | 29 |
| 4.7.2 | Tydskrifartikels in proses | 31 |
| 4.7.3 | Opsommings van tydskrifartikels ("abstracts") | 31 |
| 4.8 | Internet- en ander elektroniese inligtingsbronne | 32 |
| 4.8.1 | Internetartikels | 32 |
| 4.8.2 | Elektroniese nuusbriewe | 33 |
| 4.8.3 | Webjoernale (Blogs) | 33 |
| 4.8.3.1 | Kommentare op webjoernale (Blog comments) | 34 |
| 4.8.4 | Sosiale media | 34 |
| 4.8.4.1 | Facebook | 35 |
| 4.8.4.2 | Twitter | 35 |
| 4.8.4.3 | Instagram | 35 |
| 4.8.4.4 | Foto's, figure en video opnames op sosiale media | 36 |
| 4.8.5 | Oudiovisuele en ander media op die internet | 36 |
| 4.8.6 | Lesingnotas op 'n leerderbestuurstelsel (eFundi) | 37 |
| 4.9 | Konferensiepublikasies | 38 |
| 4.9.1 | Konferensiebydraes gepubliseer in 'n versamelwerk | 38 |
| 4.9.2 | Konferensiebydraes gevind op die internet | 38 |
| 4.10 | Studiegidse | 38 |
| 4.11 | Koerantberigte | 39 |
| 4.11.1 | Koerantberigte in hardekopie | 39 |
| 4.11.2 | Elektroniese koerantberigte | 39 |
| 4.12 | Wette | 39 |
| 4.12.1 | Suid-Afrikaanse wette | 39 |
| 4.12.2 | Internasionale wette | 40 |
| 4.13 | Hofsake | 40 |
| 4.14 | Staatspublikasies | 40 |
| 4.14.1 | Staatskoerant | 40 |
| 4.14.2 | Provinsiale koerant | 41 |
| 4.15 | Bybel en ander religieuse geskrifte | 41 |
| 4.15.1 | Die Bybel | 41 |
| 4.15.1.1 | Bybelkommentare | 42 |
| 4.15.2 | Die Koran | 42 |
| 4.16 | Klassieke werke | 42 |
| 4.17 | Persoonlike kommunikasie (onderhoude, briewe, e-pos) | 43 |
| 4.18 | Patente | 43 |
| 4.19 | Standaarde | 45 |
| 4.20 | Musiek | 45 |
| 4.21 | Datastelle | 45 |
| 4.22 | Oudiovisuele en ander media | 46 |
| 4.23 | Ongepubliseerde werk | 47 |
| 5. | VOORBEELD BRONNELYS | 48 |

1 INLEIDING

1.1 Plagiaat

Plagiaat is die weergee van iemand anders se werk of idees sonder om aan daardie persoon erkenning te gee, en dit dan as jou eie voor te stel. Dit kom neer op akademiese of intellektuele diefstal. Wanneer jy dus 'n sin in jou referaat of akademiese verslag skryf sonder 'n verwysing, of woorde sonder aanhalingstekens, beteken dit dat dit jou eie werk of oorspronklike idee is. Indien dit egter nie jou eie werk of oorspronklike idee is nie, pleeg jy plagiaat, wat 'n ernstige oortreding in akademiese kringe is. Selfs wanneer jy 'n sin of gedeelte van 'n ander outeur se werk vertaal of in jou eie woorde omskryf (parafraseer), moet jy steeds erkenning gee aan daardie outeur deur 'n verwysing in die teks en inskrywing in jou bronnelys te maak.

Deur noukeurige in-teks verwysings, en volledige verwysings in die bronnelys, word plagiaat verhoed.

Akademiese verslagskrywing vereis dus dat alle bronne wat geraadpleeg is in die teks vermeld moet word, asook om volledige besonderhede daarvan in 'n bronnelys te gee.

1.2 Doel van aanhalings (in teks) en verwysings (bronnelys)

- Dit verleen erkenning aan die oorspronklike skrywer van wie standpunte of feite oorgeneem is.
- Die skrywer lewer bewys waar hy sy inligting vandaan gekry het.
- Die verwysings na bronne staaf die volledigheid van die ondersoek.
- Verwysings na gesaghebbende bronne verleen gesag aan die skrywer se standpunte of idees.
- Verwysings verstrek bewyse aan die leser van die herkoms van die skrywer se sienings.
- 'n Bronnelys verskaf inligting aan die leser om op sy beurt die bronne op te spoor en te raadpleeg as hy wil verifieer of die bronne korrek aangehaal / geïnterpreteer is.
- Die bronnelys dien as addisionele bronnelys oor die onderwerp indien die leser meer bronne oor die onderwerp wil raadpleeg.

2 TEKSVERWYSINGS

'n Teksverwysing bestaan uit **outeur(s) se van, datum** en **bladsy-nummer(s)** vanwaar die inligting verkry is.

Uitsondering: 'n Artikel wat op 'n webbladsy in HTML-formaat is, het uit die aard van die saak nie bladsynommers nie en kry dus in hierdie geval nie 'n bladsynommer in die teksverwysing nie.

'n Ooreenstemmende verwysing moet volledig in die bronnelys verskyn met al die nodige inligting om die bron maklik op te spoor. Vergelyk afdeling 4 van hierdie gids vir meer inligting oor die bronnelys.

'n Teksverwysing kan basies op twee maniere gedoen word, nl.:
As deel van die sin:

Healy (2011:17) hou vol dat pasiënte gesondheidsorgpersoneel moet kan vertrou en terselfdertyd gemoedsrus moet hê dat na hulle probleme omgesien word.

Aan die einde van die sin:

Pasiënte moet gesondheidsorgpersoneel kan vertrou en gemoedsrus hê dat na hulle probleme omgesien word (Healy, 2011:17).

Voorbeeld van teksverwysing na internetbron:

Suid-Soedan het vir baie jare ernstige voedseltekorte ondervind as gevolg van afname in plaaslike voedselproduksie. Dit het gelei tot swak voedselvoorrade met gevolglike hoë pryse vir stapelvoedsel (FAO, 2018).

2.1 Outeurs

'n Outeur is die persoon of instansie wat verantwoordelik is vir die intellektuele inhoud van die artikel, boek of verslag. 'n Organisasie of instansie kan ook 'n outeur wees, soos byvoorbeeld in die geval van 'n universiteit se jaarboek of 'n staatsdepartement se verslag.

2.1.1 Een outeur

In die teks, gee slegs die outeur se van, datum van publikasie en bladsynommer.

Teks:

Kultuur-spesifieke waardes en gebruike word ontken en ontmoedig ter wille van sogenaamde nasiebouprojekte soos regstellende aksie (Du Buisson, 2018:608).

Bronnelys:

Du Buisson, T. 2018. Die ekonomiese belang van die beskerming van minderheidsgroepe vir die staat. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(3):608-620. doi:10.17159/2224-7912/2018/v58n3a12

2.1.2 Twee outeurs

Let op die verskil tussen die twee voorbeelde in die teks: wanneer die outeurs as deel van die sin gebruik word, word **en** gebruik, maar wanneer die outeurs binne die hakies geskryf word aan die einde van die sin, word **&** gebruik.

Teks:

Volgens Semenya en Letsosa (2013:8) hou toordery 'n groot bedreiging vir die samelewing in.

OF

Toordery hou 'n groot bedreiging vir die samelewing in (Semenya & Letsosa, 2013:8).

Bronnelys:

Semenya, D.K. & Letsosa, R. 2013. Effects and impact of witchcraft on Sotho Reformed Churches and the Biblical view of witchcraft. *Verbum et Ecclesia*, 34(1), art. 676. <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v34i1.676>

2.1.3 Drie tot sewe outeurs

Wanneer 'n bron drie of tot sewe outeurs het, word die eerste outeur in die teks genoem, gevolg deur *et al.* in kursief (let op die punt aan die einde van *et al.* aangesien dit 'n afkorting vir *et alii* is). Die datum en bladsynommer volg daarna. Onthou die res van die outeurs moet in die inskrywing in die bronnelys genoem word.

Teks:

Volgens Dikobe *et al.* (2016:185) word die geestesgesondheid van verpleegsters negatief beïnvloed deur psigiatriese pasiënte met dubbele diagnose te versorg.

Bronnelys:

Dikobe, J., Manyedi, E.M. & Sehularo, L.A. 2016. Experiences of professional nurses in caring for psychiatric patients with dual diagnosis. *Africa Journal of Nursing and Midwifery*, 18(1):183-197.

2.1.4 Meer as sewe outeurs

Indien daar meer as sewe outeurs is, noem die eerste outeur in die teks gevolg deur *et al.* Lys die eerste ses outeurs in die bronnelys gevolg deur 'n komma, 'n ellipsis (drie punte) en dan die laaste outeur se van en voorletters.

Teks:

Oorgewig in Suid-Afrikaanse adolessente is volgens Monyeki *et al.* (2002:37) 'n groot bekommernis en hulle beveel aan dat fisieke aktiwiteitsprogramme in skole baie belangrik is om kardiovaskulêre fiksheid te bevorder en liggaamsvet te verminder.

Bronnelys:

Monyeki, K.D., Toriola, A.L., De Ridder, J.H., Kemper, H.C.G., Steyn, N.P., Nthangeni, M.E., ... Van Lenthe, F.J. 2002. Stability of somatotypes in 4 to 10 year-old rural South African girls. *Annals of Human Biology*, 29(1):37-49.

Uitsondering: indien twee afsonderlike bronne met dieselfde eerste outeur en dieselfde datum gebruik word, en dit verkort na dieselfde vorm in die teks, gee by elk die tweede of soveel daaropvolgende outeurs soos nodig gevolg deur *et al.* om die twee verwysings van mekaar te onderskei.

(Schutte, Huisman, Schutte, Van Rooyen, Malan, & Malan, 2007), en (Schutte, Huisman, Schutte, Malan, Van Rooyen, Malan, & Schwarz, 2007), verkort beide na Schutte *et al.*, 2007 in die teks. Gebruik soos volg:

Teks:

..... (Schutte, Huisman, Schutte, Van Rooyen *et al.*, 2007).

..... (Schutte, Huisman, Schutte, Malan *et al.*, 2007).

Bronnelys:

Schutte, A.E., Huisman, H., Schutte, R., Malan, L., Van Rooyen, J., Malan, N. & Schwarz, P. 2007. Differences and similarities regarding adiponectin investigated in African and Caucasian women. *European Journal of Endocrinology*, 157(2):181-188.

Schutte, A.E., Huisman, H.W., Schutte, R., Van Rooyen, J.M., Malan, L. & Malan, N.T. 2007. Aging influences the level and functions of fasting plasma ghrelin levels: the POWIRS-study. *Regulatory Peptides*, 139 (1-3):65-71.

2.1.5 Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar

Wanneer jy gebruik maak van meer as een publikasie deur dieselfde outeur(s) wat in dieselfde jaar uitgegee is, onderskei hulle deur a, b of c ná die datum in die teks asook in die bronnelys te tik. Sorteër hierdie inskrywings in die bronnelys alfabeties volgens die titels.

Teks:

Die afwesige pa is 'n probleem wat gesamentlik deur pastorale teologie en ander dissiplines soos die psigologie, sosiologie, berading en opvoedkunde ondersteun kan word (Freeks, 2017a:180).

Baie gesinne ervaar probleme om tieners te dissiplineer, daarom is die rol van 'n pa tuis baie belangrik om dissipline te handhaaf (Freeks, 2017b:6).

Bronnelys:

Freeks, F.E. 2017a. A pastoral-theological view on the fundamental role of the father in variance with contemporary family structures and its adverse challenges for fatherhood: a literature review. *Journal for Christian Scholarship*, 53(3-4):177-192.

Freeks, F.E. 2017b. Responses of adolescents regarding the indispensable role of the Christian father as mentor within the family: a qualitative study. *In die Skriflig / In Luce Verbi*, 51(1), art. 2255.

<http://dx.doi.org/10.4102/ids.v51i1.2255>

2.1.6 Twee outeurs met dieselfde van in dieselfde jaar

Wanneer daar verwys word na twee verskillende outeurs met dieselfde van wat in dieselfde jaar gepubliseer het, moet die voorletters in die teks gebruik word om tussen die twee te onderskei.

Teks:

Die basis van 'n multi-rassige en multi-kulturele demokrasie, is in Mauritius, net soos in Suid-Afrika, die bevordering en beskerming van basiese menseregte (Van der Walt, G., 2010:716).

Die vraag of Suid-Afrika se grondwet oorleef as 'n belofte van inklusiewe post-apartheid konstitusionalisme, of 'n vroeë dood sterf, lê in die hande van twee retroaktiewe diskoerse (Van der Walt, J., 2010:103).

Bronnelys:

Van der Walt, G. 2010. The United Nations convention on the rights of the child – has the bridge been crossed between theory and practice: Mauritius and South Africa? *Obiter*, 31(3):715-724.

Van der Walt, J. 2010. Vertical sovereignty, horizontal constitutionalism, subterranean capitalism: a case of competing retroactivities. *South African Journal on Human Rights*, 26(1):102-129.

Dit kan ook gebeur in rare gevalle dat jy bronne gebruik waar twee verskillende outeurs dieselfde van en voorletters het en in dieselfde jaar publiseer. Dit is dan nodig om die outeurs se voornamae in die teksverwysing en bronnelys te gebruik om hulle van mekaar te onderskei.

Teks:

Bepanning en behoorlike administrasie is van kardinale belang om van opleidingsprogramme in 'n organisasie 'n sukses te maak (Meyer, Marjon, 2016:224).

Een van die belangrike stappe vir 'n organisasie om op hoogte te bly van die wetgewing aangaande vaardigheidsontwikkeling is om 'n vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerder aan te stel (Meyer, Marius, 2016:56).

Bronnelys:

Meyer, Marius. 2016. Human resource development legislation. In: Meyer, Marius, ed. *Managing human resource development: a strategic learning approach*. 5th ed. Durban: LexisNexis. pp. 25-60.

Meyer, Marjon. 2016. Planning and organising training. In: Meyer, Marius, ed. *Managing human resource development: a strategic learning approach*. 5th ed. Durban: LexisNexis. pp. 223-251.

2.1.7 Anonieme outeur / Geen outeur aangedui nie

Anonieme inligting is nie baie wetenskaplik nie, en moet spaarsamig gebruik word. Dit is gewoonlik inligting wat op die internet gekry word, of sommige koerantartikels waarvoor 'n outeur nie bekend is nie. Dikwels is 'n organisasie of instansie betrokke, en moet dit as outeur gebruik word. Indien geen outeur geïdentifiseer kan word nie, word die afkorting Anon. (anoniem) gebruik.

Teks:

Verskeie innoverende musikale ontwikkelings het gedurende die sestiende en sewentiende eeue plaasgevind (Anon., 2009).

Bronnelys:

Anon. 2009. *Chamber music*. <http://www.classicol.com/classical.cfm?music=instrumentInfo§ion=ChamberMusic&title>About%20Music> Date of access: 29 Sep. 2016.

2.1.8 Instansie / organisasie as outeur

'n Instansie of organisasie kan ook 'n outeur wees. Die instansie se afkorting / akroniem kan in die teks gebruik word. Die inskrywing in die bronnelys begin dan ook met die afkorting / akroniem, gevolg deur die volledige naam van die instansie in hakies.

Teks:

Die verbruikersinflasie het vanaf 4,9% in September 2018 gestyg tot 5,1% in Oktober 2018 (Stats SA, 2018).

Bronnelys:

Stats SA (Statistics South Africa). 2018. *Consumer price index: October 2018*. (Statistical release P0141). <http://www.statssa.gov.za/publications/P0141/P0141October2018.pdf> Date of access: 22 Nov. 2018.

Staatsdepartement as outeur

Teks:

Dit is dringend noodsaaklik dat elke Suid-Afrikaanse kind kwaliteit onderwys ontvang (Department of Basic Education, 2019).

Bronnelys:

Department of Basic Education (South Africa). 2019. *Action plan to 2019: towards the realisation of Schooling 2030*. <https://www.education.gov.za/Curriculum/ActionPlanto2019.aspx> Date of access: 3 Jun. 2019.

2.2 Direkte aanhalings

Gebruik direkte aanhalings funksioneel. Moenie direkte aanhalings gebruik bloot om vertalingsprobleme te vermy nie. Indien die aanhaling deel uitmaak van 'n omvattende argument, vorm die punktuasie deel van daardie argument en word buite die hakie of aanhalingstekens geplaas.

Jong Zimbabwêers is geïnteresseerd in boerdery, hoewel Makate *et al.* (2018:436) tot die slotsom kom dat “they fail to make meaningful investments in agriculture”.

Maori navorsers se ontevredenheid met hoofstroom navorsers het gelei tot 'n toenemende behoefte en kapasiteit vir “by Maori, for Maori, with Maori research” (Cram *et al.*, 2004:167).

Wanneer 'n sin tussen hakies of in aanhalingstekens met 'n hoofletter begin, is dit 'n aanduiding dat die betrokke sin selfstandig gebruik word en dus 'n punt binne die hakie of aanhalingstekens moet kry.

“The narrow focus on language and culture as barriers to uptake of services has not only hindered a wider theoretical understanding of the problems, but also has had the effect of perpetuating ineffective health promotion practice.” (Chiu, 2003:167) Verskeie navorsers se studies ...

Wanneer 'n direkte aanhaling langer as 50 woorde is, word die aanhaling ingekeep en geblok, sonder aanhalingstekens. Inkeping van 1cm aan beide kante word aanbeveel.

Met die klem wat wêreldwyd op menseregte geplaas word, word die belangrikheid van openbare beleide wat in plek moet wees deur die volgende ekserp benadruk:

Within a human rights approach, evaluation should focus on the most vulnerable populations to determine whether public policies are designed to ensure that all people enjoy their rights as citizens, whether disparities are eliminated and equity enhanced, and whether democratic approaches have been adopted that include everyone in decision-making processes that affect their interests (Segone, 2006:12).

2.3 Indirekte aanhalings / parafrases

Wanneer jy 'n outeur se gedagtes in jou eie woorde weergee moet jy sorg dat die gees en argumentasie van die oorspronklike behoue bly. Moenie die oorspronklike konteks verdraai vir jou eie doeleindes nie. Varieer ook die styl van aanhaling.

Teksverwysing aan die einde van die sin:

Dit is die verantwoordelikheid van die regering om toe te sien dat soliede afval effektief bestuur word deur alle sektore van die samelewing (Naidoo, 2009:4).

► *Wanneer 'n instansie die outeur is, gee verkieslik die verwysing aan die einde van die sin:*

Suid-Afrikaners het ongeveer 108 miljoen ton afval in 2011 gegenereer (Department of Environmental Affairs, 2012).

Teksverwysing waar outeur deel is van die sin:

Volgens Phetoe (2012:12) word persone met HIV se kinders gestigmatiseer as gevolg van hulle assosiasie met hul ouers.

By vergelyking van Himonga (2017:101) se standpunt met dié van Glazewski en Plit (2015:191), blyk dit dat ...

2.4 Sekondêre aanhalings

'n Sekondêre bron is byvoorbeeld wanneer 'n outeur oor Freud se siening van psigoanalise wil skryf, maar hy het nie Freud se eie werke gelees nie – hy gebruik die werk van ander outeurs soos Smith, Jones of White wat daarvoor geskryf het. Daar word dan sekondêr na Freud verwys. Dit is moontlik dat Smith, Jones of White Freud se siening heeltemal verkeerd geïnterpreteer het, en dan gaan jy as student/navorsers heeltemal

onwetenskaplik en oneties te werk. Probeer dus om sekondêre aanhalings tot die minimum te beperk, aangesien dit “tweedehandse” inligting is.

Indien dit noodsaaklik is om sekondêre inligting te gebruik weens die onbeskikbaarheid van die primêre bron, of omdat die primêre bron dalk in ’n vreemde taal is, kan dit soos volg in die teks aangehaal word:

Teks:

Volgens Freud (soos aangehaal deur Williams, 1996:10), is drome ...

Bronnelys:

Williams, L. 1996. Freud’s theories about dreams. London: Batsford.

► *Slegs bronne wat jy in jou hand gehad het kry inskrywings in die bronnelys, in hierdie geval Williams.*

2.5 Teksverwysings na meer as een bron

Wanneer na meer as een bron verwys word om ’n stelling te maak, rangskik die verwysings alfabeties volgens eerste outeur, in dieselfde volgorde soos wat dit in die bronnelys sal verskyn. Gebruik ’n kommapunt na elke verwysing.

Inklusiewe onderrig as veld word gekritiseer vir onvoldoende teoretiese strengheid en konseptuele duidelikheid (Allan, 2014:512; Black-Hawkins, 2014:449; Waitoller & Artiles, 2013:319; Walton, 2016:7).

3 DIE BRONNELYS

3.1 Algemene beginsels

- Begin die bronnelys op ’n nuwe bladsy.
- Alle bronne waarna in die teks verwys word, moet in een alfabetiese lys (alfabeties volgens eerste outeur) in die bronnelys ingesluit word.
- Gebruik die term **Bronnelys** as opskrif, aangesien **Bibliografie** verwys na ’n omvattende lys van bronne oor ’n spesifieke onderwerp, en sluit dus meer bronne in as dit wat in die teks gebruik is.
- Volledige bibliografiese gegewens ten opsigte van elke bron is noodsaaklik sodat die bron maklik opgespoor kan word.

- Die taal van die bron word in die bronnelys gebruik, en nie die taal van die geskrif (referaat of tesis) nie.
- Moenie die inskrywings in die bronnelys nommer of met “bullets” merk nie.
- Gebruik 1.5 spasiëring en laat ’n reël oop tussen elke inskrywing, of gebruik paragraafspasiëring van 18 pt na elke paragraaf.
- Die bronnelys moet links gelyn (“left align”) wees. Moenie dit blok (“justify”) nie, anders veroorsaak dit onooglike spasies, veral wanneer internetadresse ingetik word.
- Alle titels van gepubliseerde bronne word in kursief (“italics”) getik. Ongepubliseerde bronne se titels word nie in kursief getik nie.
- Elke inskrywing moet met ’n punt eindig behalwe wanneer ’n permanente internetskakel of DOI aan die einde van die inskrywing is.
- Geen punt na ’n URL (internetadres) nie. Die URL moet ’n hiperskakel hê.

3.2 Alfabetisering in die bronnelys

Rangskik die inskrywings in die bronnelys alfabeties volgens eerste outeur. Onthou die beginsel “niks kom voor iets”. ’n Van soos Le Roux sal voor Leaky gerangskik word. Rangskik bronne deur dieselfde outeur soos volg:

- Chronologies van oud na nuut
- Eers werke as enkel outeur
- Dan werke waarby mede-outeur(s) betrokke is

Vergelyk voorbeeldbronnelys by outeur Deci, E.L. in hierdie gids. Rangskik werke deur verskillende outeurs met dieselfde van alfabeties volgens eerste voorletter. Vanne wat met “Mc” of “Mac” begin word alfabeties volgens woord rangskik.

Mac Lean, W.
 Mc Donald, B.
 McArthur, K.

3.3 Elemente van 'n inskrywing in die bronnelys

Elke inskrywing in die bronnelys het vier elemente:

Outeur(s)

Datum van publikasie

Titel en uitgawe

Bron

Om dit maklik te onthou, dink aan die vier “W’s”:

Wie – Outeur(s)

Wanneer – Datum

Wat – Titel

Waar – Bron waar inligting gevind word ; vir boeke is dit die uitgewersinligting.

3.3.1 Outeurs

Tik eerste outeurs se van, gevolg deur voorletters.

Voorbeelde:

Mabaso, T.P.P.

Nesselroade, K.P., Jr.

Saej, S.P.

Van Aarde, M.N.

3.3.2 Datum van publikasie

Gee slegs die nuutste datum of kopieregdatum. Indien jy geen datum kan vind nie, kan 'n waarskynlike datum verskaf word:

| | |
|--------------|---|
| 2015 of 2016 | Wanneer een van twee datums moontlik is. |
| 1997? | Waarskynlike datum. |
| s.a. | sine anno – sonder jaartal. Wanneer die datum onbekend is – gebruik in hoogs uitsonderlike gevalle. |

Behalwe vir letterkundige en klassieke werke is dit nie nodig om herdrukke te noem nie aangesien daar met herdrukke nie aan die inhoud van die teks verander is nie. Gee die oorspronklike datum.

Vir letterkundige werke kan dit soms handig wees om 'n herdruk te noem.

Dickens, C. 1892, 1903 printing. *The adventures of Oliver Twist*. London: Richards.

Teksverwysing:

(Dickens, 1892, 1903 printing).

Langenhoven, C.J. 1938-druk. *Herrie op die ou tremspoor: 'n vervolg op Sonde met die bure*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Teksverwysing:

(Langenhoven, 1938).

Datums met romeinse syfers moet omgeskakel word na Arabiese syfers. Sien onderstaande tabel:

| Simbool | Waarde |
|---------|--------|
| I | 1 |
| V | 5 |
| X | 10 |
| L | 50 |
| C | 100 |
| D | 500 |
| M | 1000 |

Wanneer simbole met kleiner waardes vóór die met groter waardes staan, word dit van die groter waarde afgetrek, en wanneer simbole met kleiner waardes ná die met groter waardes staan, word dit by die groter waarde getel. MMIX is dus 2009, en MMXIX is 2019.

3.3.3 Titel en uitgawe

3.3.3.1 Titel

Die titel van die bron word in kursief getik.

Gee die volledige titel soos dit op die titelbladsy van die publikasie verskyn. Hoofletters word gebruik volgens die betrokke taal se taalreëls. 'n Subtitel word voorafgegaan deur 'n dubbelpunt, en begin met 'n kleinletter.

Norton, K. 2016. *Singing and wellbeing: ancient wisdom, modern proof*. New York, NY: Routledge.

Teksverwysing:

(Norton, 2016:63-65, 68).

Vir stelle (boeke met verskeie volumes), waar elke volume 'n individuele titel het, gee die titel soos volg weer:

Donne, J. 2008. The poems of John Donne. Vol. 2, *Religion poems, wedding celebrations, verse epistles to patronesses, commemorations and anniversaries*, edited by R. Robbins. New York: Longman.

Teksverwysing:

(Donne, edited by Robbins, 2008:103).

Wanneer 'n titel in 'n vreemde taal is, gee die titel in daardie taal gevog deur die vertaalde titel in blok hakies [].

Mathis, M. & Briand, S. 2019. Le changement climatique, les épidémies et l'importance de la médecine des voyages [Climate change, epidemics and the importance of travel and tropical medicine]. *Revue Medicale Suisse*, 15(649):898-900.

Teksverwysing:

(Mathis & Briand, 2019:898).

3.3.3.2 Uitgawe (boeke)

Noem altyd watter uitgawe van die boek jy gebruik. Die eerste uitgawe word nie vermeld nie. Gebruik afkortings soos volg:

| | |
|------------|-----------------------------|
| Engels | 2nd ed. / 3rd ed. / 4th ed. |
| Afrikaans | 2de uitg. / 8ste uitg. |
| Duits | 2. Aufl. |
| Nederlands | 3de dr. |

Widmaier, E.P., Raff, H. & Strang, K.T. 2016. *Vander's human physiology: the mechanisms of body function*. 14th ed. New York, NY: McGraw-Hill Education.

Teksverwysing:

(Widmaier et al., 2016:168).

3.3.4 Uitgewersinligting (boeke)

3.3.4.1 Plek van uitgewer

Noem die dorp of stad waar die publikasie uitgegee is, nie die land of staat nie. Indien daar meer as een plek op die publikasie genoem word, gee die een wat eerste genoem word in die taal van die bron, soos dit op die titelbladsy of keersy van die titelbladsy van die publikasie verskyn. Indien geen plek genoem word nie, word die afkorting S.l. (sine loco – sonder plek) gebruik.

Opsioneel: Die naam van 'n staat in die VSA kan gegee word nadat die stad vermeld is. Wees konsekwent regdeur jou bronnelys, m.a.w. indien jy state se afkortings noem, moet jy dit regdeur jou bronnelys doen. Gebruik die volgende tabel van afkortings.

| | | | |
|----------------------|----|----------------|----|
| Alabama | AL | Montana | MT |
| Alaska | AK | Nebraska | NE |
| Arizona | AZ | Nevada | NV |
| Arkansas | AR | New Hampshire | NH |
| California | CA | New Jersey | NJ |
| Colorado | CO | New Mexico | NM |
| Connecticut | CT | New York | NY |
| Delaware | DE | North Carolina | NC |
| District of Columbia | DC | North Dakota | ND |
| Florida | FL | Ohio | OH |
| Georgia | GA | Oklahoma | OK |
| Hawaii | HI | Oregon | OR |
| Idaho | ID | Pennsylvania | PA |
| Illinois | IL | Rhode Island | RI |
| Indiana | IN | South Carolina | SC |
| Iowa | IA | South Dakota | SD |
| Kansas | KS | Tennessee | TN |
| Kentucky | KY | Texas | TX |
| Louisiana | LA | Utah | UT |
| Maine | ME | Vermont | VT |
| Maryland | MD | Virginia | VA |
| Massachusetts | MA | Washington | WA |
| Michigan | MI | West Virginia | WV |
| Minnesota | MN | Wisconsin | WI |
| Mississippi | MS | Wyoming | WY |
| Missouri | MO | | |

3.3.4.2 Uitgewer

Vermeld die uitgewer se naam op die kortste moontlike manier. Woorde soos “Inc.,” “Publishing”, “Co.” en “Sons”, wat onnodig is vir identifikasie van die uitgewer, word weggelaat. Indien meer as een uitgewer op die publikasie verskyn, gebruik die een wat eerste genoem word. Indien geen uitgewer in die boek genoem word nie, word die afkorting s.n. (sine nomine = sonder uitgewer) gebruik. Indien die outeur en uitgewer dieselfde persoon of instansie is, word die naam van die uitgewer weggelaat, en slegs die dorp of stad word genoem.

Turban, E., Volonino, L. & Wood, G.R. 2015. *Information technology for management: digital strategies for insight, action and sustainable performance*. Hoboken, NJ: Wiley.

Teksverwysing:
(Turban *et al.*, 2015:97).

Afkorting van die Amerikaanse staat New Jersey

American Psychological Association. 2010. *Publication manual of the American Psychological Association*. 6th ed. Washington, DC.

Teksverwysing:
(American Psychological Association, 2010:255).

Outeur is dieselfde as die uitgewer, dus word dit nie weer genoem nie

3.3.4.3 Reeks (opsioneel)

Indien die boek deel is van 'n bekende reeks, word die titel van die reeks en die reeksnommer aan die einde van die verwysing tussen hakies gegee. Vir sekere vakgebiede bv. Teologie gee die reeks waarin dit gepubliseer word outoriteit aan die publikasie.

Wilson, L. 2018. *Proverbs: an introduction and commentary*. Downers Grove, IL: InterVarsity Press. (Tyndale Old Testament commentaries, 17).

Teksverwysing:
(Wilson, 2018:33).

Titel van reeks, en nommer

4 VERWYSINGS NA SPESIFIEKE BRONNE IN DIE BRONNELYS


Riglyne soos verduidelik in 3.3 hierbo is van toepassing op alle brontipes.

4.1 Boeke



4.1.1 Boeke met redakteurs

Gewoonlik is boeke met redakteurs 'n versamelwerk waar elke hoofstuk deur verskillende outeur(s) geskryf is (sien 4.2). In sulke gevalle moet die outeur(s) van die hoofstuk erkenning kry. Daar is egter sekere boeke wat redakteurs het wat nie in hierdie kategorie val nie, bv. sommige woordeboeke of naslaanwerke. In sulke gevalle word die redakteur genoem in die teks en in die bronnelys word gemeld dat dit die redakteur is met die nodige afkorting, red / reds vir redakteur(s); ed. / eds. vir “editor(s)”; Hrsrg. vir “Herausgeber”.



Letterkundige werke wat die oorspronklike teks sowel as bykomende aantekeninge van die werk bevat, kan soos volg in die bronnelys weergegee word:

Shakespeare, W. 1940. *The tragedy of Romeo and Juliet*, edited by E. Dowden. London: Methuen.

Teksverwysing:
(Shakespeare, explained by Dowden, 1940).

4.1.2 Vertalings


Larsson, S. 2008. *The girl with the dragon tattoo*. Translated from the Swedish by Reg Keeland. New York, NY: Alfred A. Knopf.

Teksverwysing:

(Larsson, 2008:199-200).

4.2 Hoofstuk in 'n versamelwerk

'n Versamelwerk is 'n boek waarvan elke hoofstuk deur 'n ander outeur(s) geskryf is, en saamgestel word deur 'n redakteur(s) ("editor(s)"). Wanneer 'n hoofstuk in 'n versamelwerk gebruik word, moet die outeur van die hoofstuk as die outeur van die aangehaalde bron gegee word. Die besonderhede van die boek (versamelwerk) word daarna genoem, en ook die bladsynommers van die hoofstuk.



4.2.1 Versamelwerke met verskillende datums

Dit gebeur soms dat 'n bundel uitgegee word met bydraes van verskillende outeurs waarvan die datums verskil. In die teks word dan verwys na die outeur en die oorspronklike datum van die bydrae, en in die bronnelys word ook die datum van die bundel weergegee.

Jakobson, R. 1959. On linguistic aspects of translation. In: Venuti, L., ed. 2004. *The translation studies reader*. 2nd ed. New York, NY: Routledge. pp. 138-143.

Teksverwysing:

Jakobson (1959:139) verduidelik dat sinonieme, as 'n reël, nie volkome ekwivalente is nie.

4.3 Elektroniese boeke (e-boeke)

E-boeke is beskikbaar in 'n verskeidenheid formate (bv. HTML, "Epub" "Adobe Digital Editions") en kan op 'n verskeidenheid toestelle gelees word (bv. persoonlike rekenaars, selfone, e-boeklesers soos "Kindle" en "Nook" om maar 'n paar te noem).

4.3.1 E-boeklesers

Elektroniese boeke wat afgelaai word op e-boeklesers soos die "Kindle", het nie altyd bladsynommers nie, maar pleknommers. In die teksverwysing, gee 'n bladsynommer indien beskikbaar, of vir ouer weergawes van kindles, gebruik paragraafnummers of hoofstuk- en afdelingsnummers. Latere weergawes van "Kindle", soos Kindle 3G wys wel bladsynommers.

Lewis, C.S. 2009. *Mere Christianity* [Kindle edition]. HarperOne. Available from Amazon.com.

Teksverwysing:

"The only things we can keep are things we freely give to God. What we try to keep for ourselves is just what we are sure to lose."
(Lewis, 2009:213).

4.3.2 E-boeke vanaf aanlynbiblioteke

Indien toegang tot die e-boek verkry is deur 'n aanlynbiblioteek soos E-book Central, Bentham Science, Dawson, Springer eBook Collection, ens. gee die volgende elemente in die inskrywing van jou bronnelys: outeur(s), datum, titel van boek, uitgewersinligting (indien beskikbaar), DOI of stabiele internetadres. Indien die e-boek in PDF-formaat met bladsynommers is, gee ook die toepaslike bladsynommer(s) in die teksverwysing. Indien daar nie bladsynommers is nie, kan paragraaf nommer(s) of die hoofstuk met paragraafnommer gebruik word, bv. Hfs. 3, par. 15.

Pridmore, S. 2010. *Suicide and predicament: life is a predicament*. Available from Bentham e-books: <http://www.eurekaselect.com/node/53816/suicide-and-predicament-life-is-a-predicament> Date of access: 21 Nov. 2018.

Teksverwysing:

(Pridmore, 2010:34).

Long, M. 2015. *Second language acquisition and task-based language teaching*. West Sussex: Wiley. Available from Ebook Central: <http://site.ebrary.com/lib/northwu/Doc?id=10902333> Date of access: 19 Sep. 2018.

Teksverwysing:
(Long, 2015:89).

4.3.3 Hoofstuk in e-versamelwerk

Chen, C.W.S. & Sun, Y-W. 2018. Bayesian forecasting for tail risk. In: Kreinovich, V., Sriboonchitta, S. & Chakpitak, N., eds. *Predictive econometrics*. Cham, Switzerland: Springer. pp. 122-145. Available from Springer eBook Collection: <http://link.springer.com/10.1007/978-3-319-70942-0> Date of access: 3 Dec. 2018.

Teksverwysing:
(Chen & Sun, 2018:133).

4.4 Ensiklopedieë

4.4.1 Gedrukte ensiklopedieë

Gewoonlik het ensiklopedieë redakteurs of samestellers met bydraers as outeurs van die verskillende artikels in die ensiklopedie. Die inskrywing in die bronnelys is dus soortgelyk aan dié van 'n hoofstuk in 'n versamelwerk (vgl. 4.2).

Conteh-Morgan, J. 2003. Modern drama. In: Gikandi, S., ed. *Encyclopedia of African literature*. London: Routledge. pp. 332-336.

Teksverwysing:
(Conteh-Morgan, 2003:332).

4.4.2 Elektroniese ensiklopedieë

Murphy, J.B. & Van Andel, T.H. 2018. Plate tectonics. In: *Britannica academic*. <https://academic-eb-com.nwulib.nwu.ac.za/levels/collegiate/article/plate-tectonics/108555> Date of access: 6 Mar. 2019.

Teksverwysing:
(Murphy & Van Andel, 2018). ← Geen bladsynommer, artikel is in HTML formaat

4.5 Woordeboeke

Wanneer 'n woordeboek geraadpleeg is om onverstaanbare woorde te verklaar, of om woorde te vertaal, word dit nie in die bronnelys opgeneem nie. As woordskrywings of definisies aangehaal word, moet die woordeboek aangedui word. Dit geld ook waar teenstrydige verduidelikings van terme betrokke is.

4.5.1 Woordeboeke met 'n outeur(s)

Wanneer 'n outeur of outeurs die woordeboek opgestel het (dus nie redakteur(s), samesteller(s) of medewerker(s) nie), word die teksverwysing en inskrywing in die bronnelys soos enige ander boek met 'n outeur gedoen (vgl. 4.1).

Peters, P. 2013. *The Cambridge dictionary of English grammar*. Cambridge: Cambridge University Press.

Teksverwysing:

Die term morfeem verwys na die kleinste linguistiese eenheid waarby betekenis geheg kan word (Peters, 2013:151).

4.5.2 Woordeboeke met 'n redakteur(s) of samesteller(s)

Gebruik die redakteur of samesteller se van in die teksverwysing. In die bronnelys dui aan dat dit 'n redakteur of samesteller is deur die korrekte afkorting na die redakteur (red. / reds. / ed. / eds.) of samesteller (samest. / comp. / comps.) se van te gebruik.

Redakteur van die woordeboek

Datum

Titel

Uitgawe

VandenBos, G.R., ed. 2015. *APA dictionary of psychology*. 2nd ed. Washington, DC: American Psychological Association.

Teksverwysing:

Die *APA dictionary of psychology* definieër obsessief-kompulsiewe neurose as ... (VandenBos, 2015:313).

Plek van uitgewer: Uitgewer

De Wet, J, samest. 2010. *Wat praat jy! Afrikaanse idiomie, gesegdes en vaste uitdrukkinge met verklarings*. 4de uitg. Pretoria: Protea Boekhuis.

Teksverwysing:

(De Wet, 2010:312).

4.5.3 Woordeboeke met redakteur(s) of samesteller(s), elke artikel deur verskillende outeur(s)

Hanteer hierdie tipe woordeboeke dieselfde as versamelwerke (vgl. 4.2) of ensiklopedieë (vgl. 4.4.1).

Brokaw, D. 1990. Character and personality. In: Hunter, R.J., ed. *Dictionary of pastoral care and counseling*. Nashville, TN: Abingdon Press. pp. 136-137.

Teksverwysing:

(Brokaw, 1990:136).

4.5.4 Aanlyn woordeboeke

Dieselfde beginsel geld vir woordeboeke met outeurs of samestellers/redakteurs soos in 4.5.1 en 4.5.2 genoem.

Gee die presiese internetadres waar die woord gevind is in die woordeboek, sowel as die datum van gebruik.

Redakteur Datum Titel van woordeboek (kursief)

Botha, W.F., red. 2019. *e-WAT: elektroniese woordeboek van die Afrikaanse taal, A tot R*. <http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/?qi=176046> Datum van gebruik: 7 Mei 2019.

Teksverwysing:

Die e-WAT definieer pentekostalisme as die “beweging in die Christelike geloof waarby die Bybel letterlik geïnterpreteer word, op ’n informele en demonstratiewe manier aanbid word, en daarna gestreef word om, soos die apostels tydens Pinkster, met die Heilige Gees vervul te word” (Botha, 2019).

Merriam-Webster Inc. 2019. *Merriam-Webster dictionary*.
<https://www.merriam-webster.com/dictionary/palimpsest> Date of access: 7 Jan. 2019.

Teksverwysing:

Die term palimpstes word deur die Merriam-Webster aanlyn woordeboek gedefinieer as “writing material used one or more times after earlier writing has been erased” (Merriam-Webster, Inc., 2019).

4.5.5 Woordeboeke op slimfoontoepassings

Merriam-Webster Inc. 2019. *Merriam-Webster dictionary* (Version 4.3.3) [Mobile application].

Teksverwysing:

Nanotegnologie is die wetenskap wat die werking tussen atome en molekules om mikroskopiese toestelle te bou bestudeer (Merriam-Webster Inc., 2019).

Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, R.H. 2015. *HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 6de uitg. Kaapstad: Pearson. In: Viva-app (Weergawe 2.2). [Slimfoontoepassing].

Teksverwysing:

Die HAT beskryf ’n tjiengerientjee as ’n giftige bolplant (Luther et al., 2015).

4.6 Proefskrifte en verhandelinge

Gebruik erkende afkortings vir universiteite en graadaanduidings. Volgens die NWU handleiding vir meesters- en doktorsgraad studies word die volgende terme gebruik:

| Afrikaans | English |
|--------------|-------------------|
| Skripsie | Mini-dessertation |
| Verhandeling | Dissertation |
| Proefskrif | Thesis |

Vir buitelandse proefskrifte en verhandelinge word die bewoording gebruik soos op die titelblad.

Punte na afkortings vir graadaanduidings is opsioneel, bv. M.Sc. of MSc (Magister Scientiae), Ph.D. of PhD (Philosophiae Doctor).

Outeur Datum Titel (kursief)

Ndaba, B. 2019. *Novel biochemical and catalytic microwave-assisted methods for the synthesis of biobutanol*. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – PhD).

Teksverwysing:
(Ndaba, 2019:53).

Kwalifikasie Dorp/stad: Universiteit

Saah, P. 2017. *Exploring Mintzberg’s managerial roles of academic leaders at a selected higher education institution in South Africa*. Mafikeng: North-West University. (Mini-dissertation – MBA).

Teksverwysing:
(Saah, 2017:103).

Proefskrifte en verhandelinge is algemeen beskikbaar op institusionele pakhuis. Meld die permanente skakel (“handvatsel”) na die proefskrif/verhandeling in die bronnelys.

Nota: wanneer ’n permanente skakel gegee word, is ’n datum van toegang nie nodig nie.

Jackson, S. 2018. *Transracial adoption in South Africa: challenges faced by adoptive parents*. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Thesis – MA). <http://hdl.handle.net/10019.1/105010>

Teksverwysing:
(Jackson, 2018:36).

Permanente skakel

Internasionale proefskrif/verhandeling via 'n kommersiële databasis, bv. ProQuest:

Carroll, A.R. 2018. *Ecosystems, communities, and species: understanding mammalian response to ancient carbon cycle perturbations*. Ann Arbor, MI: University of New Hampshire. (Dissertation – PhD). <http://nwulib.nwu.ac.za/login?url=https://search-proquest-com.nwulib.nwu.ac.za/docview/2058145688?accountid=12865> Date of access: 13 Apr. 2019.

Teksverwysing:

(Carroll, 2018:59).

4.7 Tydskrifartikels

Die titel van die tydskrif word volledig uitgeskryf in *kursief*. Moenie tydskrif afkortings gebruik nie. Elke selfstandige naamwoord in die tydskriftitel word met 'n hoofletter getik. Volume- en uitgawe nommers **moet** verstrek word. Gebruik Arabiese syfers vir die volume en uitgawe nommer van die tydskrif. Kontroleer in toepaslike databasisse vir die nodige inligting.

Wanneer 'n tydskrif parallelle titels in twee tale het, gee beide indien nodig (bv. *In die Skriflig* / *In Luce Verbi*).

Mthimunye, K.D.T., Pedro, A. & Daniels, F.M. 2018. Predictors of academic performance among second-year nursing students at a university in the Western Cape. *South African Journal of Higher Education*, 32(1):192-215.

Teksverwysing:
(Mthimunye *et al.*, 2018:200).

4.7.1 Aanlyn tydskrifartikels

'n DOI nommer (“digital object identifier”) word toegeken aan aanlyn tydskrifartikels. Dit is 'n unieke alfanumeriese nommer wat toegeken word aan aanlyn bronne (nie net beperk tot tydskrifartikels nie) vir identifikasie en om 'n permanente skakel te verskaf om dit maklik te vind op die internet.

Indien 'n DOI nommer beskikbaar is vir 'n bron, moet dit in die bronnelys inskrywing weergegee word. Die DOI nommer kan gewoonlik op die eerste bladsy van die aanlyn tydskrifartikel gevind word, of op die databasis waar die tydskrif geïndekseer is.

Aanvanklik was DOI nommers in 'n nommer formaat wat soos volg lyk: doi:10.xxxx/xxxxxxxxxxxx. Sedert 2017 het CrossRef (’n registrasie maatskappy) die formaat van DOI nommers verander sodat dit die vorm aanneem van ’n internetadres (“URL”) wat ’n hiperskakel is. Gee die DOI in die formaat soos gevind op die bron. Omdat ’n DOI ’n permanente skakel is, is dit nie nodig om ’n datum van toegang (“date of access”) te gee nie.

Nota: geen punt na ’n DOI nommer nie.

Schreurs, B., De Cuyper, N., Van Emmerik, I.J.H., Notelaers, G. & De Witte, H. 2011. Job demands and resources and their associations with early retirement intentions through recovery need and work enjoyment. *South African Journal of Industrial Psychology*, 37(2), art. #859. doi:10.4102/sajip.v37i2.859

Teksverwysing:

(Schreurs *et al.*, 2011:2).

Artikelnommer

DOI nommer

Geen punt na DOI

Sommige aanlyn tydskrifte se nommering loop nie aaneenlopend regdeur die hele volume nie. Elke artikel het dan ’n artikel nommer (bv. Art. #859) en elkeen begin op bladsy 1 indien dit afgelaai kan word in PDF-formaat. In die teksverwysing kan die bladsynommer van die PDF-weergawe gegee word (selfs al begin elkeen met p. 1). Indien die aanlyn tydskrif slegs in HTML formaat is met geen bladsynommers, het die teksverwysing in so ’n geval nie ’n bladsynommer nie.

Ndaguba, E.A. & Hanyane, B. 2019. Stakeholder model for community economic development in alleviating poverty in municipalities in South Africa. *Journal of Public Affairs*, 19(1), e1858. <https://doi-org.nwulib.nwu.ac.za/10.1002/pa.1858>

Teksverwysing:

(Ndaguba & Hanyane, 2019:9).

Artikel nommer

DOI in hierdie formaat het ’n hiperskakel. Geen datum van gebruik (permanente skakel)

Moss, F.C., Neuwirth, M., Harasim, D. & Rohrmeier, M. 2019. Statistical characteristics of tonal harmony: a corpus study of Beethoven's string quartets. *Plos One*, 14(6), e0217242. <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0217242>

Teksverwysing:

(Moss *et al.*, 2019).

4.7.2 Tydskrifartikels in proses

Aanlyn tydskrifte publiseer artikels wat reeds deur die redaksie aanvaar is vir publikasie maar nog nie in 'n spesifieke volume gepubliseer is nie op hulle webblaaie. Dit kan soos volg hanteer word:

Waarskynlike datum

Harwood, C., Thrower, S., Slater, M.J., Didymus, F. & Frearson, L. 2019? Advancing our understanding of psychological stress and coping among parents in organized youth sport. *Frontiers in Psychology* (Provisionally accepted). doi: 10.3389/fpsyg.2019.01600

Teksverwysing:

(Harwood *et al.*, 2019?).

Nota: Kontroleer die artikel se publikasie status net voor jy jou finale dokument of navorsingsverslag indien of sodanige artikel nie intussen formeel gepubliseer is nie, en gee dan die volledige verwysing indien beskikbaar.

4.7.3 Opsommings van tydskrifartikels (“abstracts”)

- (e) Let op die gebruik van punte. Geen punt na die laaste syfer van opskrifnummers nie.

Tabel 1

| Funksie | Nommering | Beskrywing | Voorbeeld |
|-------------------------------|--------------|---|-------------------------------------|
| Hoofopskrif | 1 | Vetgedruk (Bold), Hangende inkeping (Hanging indent) van 0,76 cm | 1 Grondwetlike bepalings |
| Ondergeskikte opskrif | 1.1 | Vetgedruk, kursief, hangende inkeping van 1,02 cm | 1.1 Vryheids- manifes |
| Verdere ondergeskikte opskrif | <i>1.1.1</i> | Kursief, hangende inkeping van 1,27 cm | <i>1.1.1 Reg op lewe</i> |
| Enige opvolgende opskrif | 1.1.1.1 | Normaal, hangende inkeping van 1,52 cm | 1.1.1.1 Vertikale toepassing |

3.2 Direkte aanhalings

- (a) Aanhalings van **langer as een getikte reël** word ingekeep (0,75 cm aan beide kante), getik in lettergrootte 11pt in enkelspasiëring en geblok (justified). Geen aanhalingstekens in die lang geblokte aanhalings nie (behalwe in die geval van punt (d) hieronder).

VOORBEELD

Against this background, "parliament" is defined as:

The group of people responsible for making and changing laws and consisting of structures such as the House of Commons, the House of Lords and the King or the Queen (in the United Kingdom context).⁴

According to this definition a parliament is not a building but a group of people with the power to make laws.

- (b) 'n Direkte aanhaling vanuit 'n ander bron wat nie langer as een getikte reël is nie, moet in dieselfde reël aangehaal word, bv.: Arbeidsreg word gereken as "one of the most complex fields of the law".⁵
- (c) "reguit aanhalingstekens" word gebruik (nie gewone aanhalingstekens of "smart quotes" nie).
- (d) Enkel-aanhalingstekens ('...') word gebruik vir 'n aanhaling binne 'n aanhaling.

VOORBEELD

"The most appropriate form of biodiversity regulation is arguably by means of 'economic instruments'".⁶

- (e) **Punktuasie** wat nie deel is van die aangehaalde sin nie word buite die aanhalingsteken geplaas, bv.: Hy sê John is soms "n kwaai man". Indien die aangehaalde sin selfstandig gebruik word, is die punktuasie binne die aanhalingsteken, bv.: Hy sê: "John is 'n kwaai man."
- (f) Leestekens (bv. kommas en aanhalingstekens) wat deel vorm van die aanhaling moet ook binne die aanhalingstekens wees.

⁴ Sebogodi *Government Systems* 100.

⁵ Swanepoel *Labour Law* 2.

⁶ Paterson *Biodiversity Protection* 22.

- (g) 'n Aanhaling se bronverwysing moet in 'n voetnoot verstrekkend word.
- (h) Indien 'n outeur se van deel is van die teks, moet 'n voetnootverwysing **direk** ná die outeur se van gemaak word. Voorname of voorletters van outeurs word nie in die teks of voetnoot ingesluit nie.

VOORBEELD

Feris⁷ is of the opinion that there may not be enough resources to adequately address environmental justice issues.

4 DIE BASIESE BEGINSELS VAN DIE BIBLIOGRAFIE

- (a) 'n Bibliografie met sub-opskrifte moet aan die einde van die dokument ingesluit word.
- (b) Geen punt na 'n bronverwysing nie.
- (c) Bronne word alfabeties onder die volgende sub-opskrifte gelys:
 - (i) **Literatuur** – Alle boeke, hoofstukke in versamelwerke wat saamgestel is deur redakteurs, konferensiebydraes, proefskrifte en verhandelings, tydskrifartikels en koerantberigte.
 - (ii) **Regspraak** – Alle hofsake (gerapporteer en ongerapporteer).
 - (iii) **Wetgewing** – Alle wette waarna verwys word, asook die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 en statute van die buiteland.
 - (iv) **Internasionale instrumente** – insluitend internasionale resolusies, konvensies en verdrae.
 - (v) **Staatspublikasies** – bronne wat officieël gepubliseer is in die Staatskoerant, bv. Amptelike kennisgewings, Proklamasies en Algemene Kennisgewings.
 - (vi) **Internetbronne** – Alle materiaal wat eksklusief op die internet beskikbaar is, wat nie onder die lys van bogenoemde bronne val nie, bv. inligting vanaf webtuistes en webjoernale ("blogs"). (Let wel: wetenskaplike tydskrifartikels en e-boeke verkry via aanlyn databasisse word gelys onder die sub-opskrif "Literatuur" in die bibliografie.)

⁷ Feris *Environmental Justice* 3.

5 VOORBEELDE VAN VERWYSINGS EN ADDISIONELE INLIGTING OOR VERWYSINGS IN VOETNOTE EN IN DIE BIBLIOGRAFIE

5.1 *Algemeen*

- (a) Die **algemene reël** met die verwysing na enige tipe bron is: (a) noodsaaklike **bibliografiese inligting** waarsonder 'n spesifieke bron nie maklik opgespoor kan word nie, moet op 'n konsekwente wyse in die voetnote en bibliografie aangedui word; en (b) **nuttige bykomende inligting** soos uitgewersinligting moet in hakies in die bibliografie verskyn.
- (b) Hierdie algemene reël geld slegs wanneer **hierdie Standaard of die OSCOLA** nie 'n reël voorskryf nie.

5.2 *Literatuur*

- (a) **Outeur(s) se voorletter(s)** word weggelaat in voetnote maar word ingesluit in die bibliografie.
- (b) Indien 'n boek, versamelwerk, hoofstuk in 'n versamelwerk, proefskrif, verhandeling of konferensiepublikasie 'n **lang titel** het, kan die titel **verkort word in die voetnoot** maar dit moet volledig weergegee word in die bibliografie.
- (c) Al die inskrywings onder die opskrif "Literatuur" in die bibliografie moet voorafgegaan word deur die **verkorte verwysing** soos in die voetnoot.
- (d) 'n **Bron se titel** (bv. die titel van 'n boek, tydskrifartikel, verslag) moet altyd in die taal wees waarin die bron gepubliseer is in die voetnoot-verwysing en bibliografie. Bv. in die bibliografie: Wouters J *Bronnen van Internasionaal Recht* (Intersentia Antwerp 2004). Enige verdere bibliografiese inligting, soos die plek van uitgewer, moet in die taal van die teks ingesluit word in die bibliografie, in hierdie geval Afrikaans.

5.2.1 Boeke

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Grové and Otto *Basic Principles of Consumer Credit Law* 32.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Grové NJ and Otto JM *Basic Principles of Consumer Credit Law* 2nd ed (Juta Cape Town 2002)

- (a) Indien daar **meer as een plek van publikasie** in 'n boek genoem word, meld die een wat eerste genoem word in die bibliografie.
- (b) In die geval van 'n boek of versamelwerk met **meer as een outeur of redakteur**, meld 'n maksimum van drie name.

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Strydom, Le Roux and Dupper *Essential Social Security Law* 15.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Strydom EML, Le Roux PA and Dupper OC *Essential Social Security Law* 2nd ed (Juta Cape Town 2006)

- (c) Wanneer 'n bron **meer as drie outeurs** (by 'n boek) of redakteurs (in geval van 'n versamelwerk) het, vermeld slegs die naam van die eerste outeur of redakteur gevolg deur *et al* (in kursief).

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Botha *et al Constitutional Law in South Africa* 156-157.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Botha L *et al* (eds) *Constitutional Law in South Africa* 3rd ed (Butterworths Durban 2002)

- (d) Wanneer 'n **boek heruitgegee word onder 'n ander outeur se naam as die oorspronklike outeur**, word na die outeur(s) van die nuwe uitgawe verwys, en die oorspronklike outeur word genoem as deel van die titel van die boek.

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Badenhorst, Mostert and Pienaar *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 6-10.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Badenhorst P, Mostert H and Pienaar J *Silberberg and Schoeman's The Law of Property* 5th ed (LexisNexis Durban 2006)

- (e) Die **uitgawenommer van 'n boek** moet direk na die titel van die boek in die bibliografie aangedui word. Die eerste uitgawe word nie vermeld nie.

VOORBEELD

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Grogan J *Workplace Law* 8th ed (Juta Cape Town 2005)

- (f) Waar daar meer as een uitgawe van dieselfde boek gebruik is, moet die voetnota en bibliografie in alle gevalle duidelik die spesifieke uitgawe aandui.

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Van der Walt and Pienaar *Introduction to Property Law* 2nd ed 124-129.

² Van der Walt and Pienaar *Introduction to Property Law* 5th ed 12-13.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Van der Walt AJ and Pienaar GJ *Introduction to Property Law* 2nd ed (Juta Cape Town 2001)

Van der Walt AJ and Pienaar GJ *Introduction to Property Law* 5th ed (Juta Cape Town 2006)

5.2.2 Hoofstukke in 'n versamelwerk saamgestel deur 'n redakteur(s) (hoofstukke deur verskillende outeurs)

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Brand "The Right to Food" 160-161.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Brand D "The Right to Food" in Brand D and Heyns C (eds) *Socio-Economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2005) 153-189

5.2.3 Konferensiebydraes

VOORBEELDE

Gepubliseer in 'n konferensiepublikasie

Voetnoot

¹ Reickhardt "Legal Liabilities" 4-7.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Reickhardt M "Legal Liabilities" in Chamber of Mines *Environmentally Responsible Mining in Southern Africa Conference* (25-28 September 2001 Johannesburg) 4-23

Ongepubliseerd

Voetnoot

¹ Reickhardt "Legal Liabilities".

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Reickhardt M "Legal Liabilities" Unpublished contribution delivered at the Chamber of Mines *Environmentally Responsible Mining in Southern Africa Conference* (25-28 September 2001 Johannesburg)

5.2.4 Proefskrifte en verhandelings

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Robberts *Mining Authorisations in South Africa* 221.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Robberts K *Environmental and Mining Authorisations in South Africa* (LLM-verhandeling Universiteit van Pretoria 2011)

5.2.5 Tydskrifartikels

VOORBEELD

Voetnoot

¹ De la Harpe and Van der Walt 2005 *AHRLJ* 71.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

De la Harpe S and Van der Walt T "The Right to Pre-trial Silence as Part of the Right to a Free and Fair Trial – An Overview" 2005 *AHRLJ* 70-90

- (a) Aangesien die titel van die tydskrif afgekort is (*African Human Rights Law Journal* is afgekort na *AHRLJ*), moet die afkorting in die lys van afkortings opgeneem word.
- (b) 'n **Tydskrifartikel** se inskrywing in die bibliografie moet die eerste en laaste bladsynommers van die artikel bevat, bv. 457-489.

5.2.6 Koerantberigte

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Hartely *Business Day* 4.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Hartely G "DA Rails at Selebi's Use of Crime Figures" *Business Day* (18 July 2006) 4

- (a) Populêre, nie-akademiese tydskrifte (weekliks, maandeliks of kwartaalliks gepubliseer) word soos koerantberigte aangehaal.
- (b) Indien 'n koerantberig eksklusief op die internet beskikbaar is, word dit soos 'n internetbron verwys onder die opskrif "Internetbronne". Vergelyk paragraaf 3.7 van hierdie dokument.

5.2.7 Ander literatuur bronne

In hierdie konteks verwys "Ander literatuur bronne" spesifiek na dokumente (PDF) wat deur 'n organisasie gepubliseer en op die internet beskikbaar gestel word. Hierdie dokumente word nie as 'n internetbron verwys nie, en beskik gewoonlik ook nie oor die nodige inligting om geklassifiseer te word as 'n boek nie. Die voorgeskrewe verwysingsmetode is soos volg:

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Food and Agriculture Organisation of the United Nations *Guide on Legislation for the Right to Food* 23.

Bibliografie (onder die opskrif ("Literatuur"))

Food and Agriculture Organisation of the United Nations *Guide on Legislation for the Right to Food* (2009) available at <http://www.fao.org/3/a-i0815e.pdf> accessed 12 April 2015

5.3 Regspraak

VOORBEELDE

Indien gerapporteer

Voetnoot

¹ *President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (CC) para 15.

Bibliografie (onder die opskrif "Regspraak")

President of the Republic of South Africa v Hugo 1997 4 SA 1 (CC)

Indien nie gerapporteer nie

Voetnoot

¹ *Free State Cheetahs (Pty) Limited v Mapoe* (O) (unreported) case number 4587/2010 of 29 September 2010 para 4.

Bibliografie (onder die opskrif "Regspraak")

Free State Cheetahs (Pty) Limited v Mapoe (O) (unreported) case number 4587/2010 of 29 September 2010

- (a) Die hofsaak se naam moet volledig weergegee word in die **bibliografie**. Nie-noodsaaklike inligting soos "NO", "NNO", *en andere, en 'n ander, amicus curiae* moet uitgelaat word (in die teks, voetnote en bibliografie).
- (b) In die **voetnoot-verwysing** van hofsake moet die presiese bladsynommer(s) of paragraaf nommer(s) verskaf word, bv. *Bareki v Gencor Ltd* 2006 1 SA 432 (T) 436A-D of par 123. Verwys na paragraaf 1 van hierdie dokument vir die afkorting van "paragraaf" en "paragrafe".
- (c) Die eerste keer wat daar na 'n hofsaak verwys word, moet die volle verwysing gegee word (in die teks of in 'n voetnoot). Na die eerste volle verwysing word die afkorting in hakies geskryf, waarna alle verdere verwysings na die hofsaak in die teks en voetnoot slegs die afkorting is, bv. *Bareki v Gencor Ltd* 2006 1 SA 432 (T) (vervolgens die *Bareki* hofsaak).
- (d) Die afkorting van die hof moet in dieselfde taal as die dokument se teks wees.

5.4 Wetgewing

VOORBEELD

Voetnote

¹ Section 1 of the *Social Housing Act* 16 of 2008. See also s 26(1) of the *Constitution of the Republic of South Africa*, 1996.

² Sections 1 and 3 of the *Social Housing Act* 16 of 2008. See also ss 26 and 27 of the *Constitution of the Republic of South Africa*, 1996.

Bibliografie (onder die opskrif "Wetgewing")

Social Housing Act 16 of 2008.

- (a) Wetgewing word in die bibliografie sonder "Nr." (wat die Wet se nommer aandui) en sonder enige punktuasie ingeskryf, bv. *Nasionale Water Wet 36 van 1998*.
- (b) Wanneer die eerste keer na wetgewing verwys word, word die naam van die wet volledig weergegee (in die teks of in 'n voetnoot). Na die eerste volle verwysing moet die afkorting in hakies geskryf word, waarna slegs die afkorting in alle voetnote en in die teks geskryf word. 'n Voorbeeld is soos volg: *Nasionale Water Wet 36 van 1998* (daarna die NWW) of (daarna die *Water Wet*). Die afkorting moet in die lys van afkortings verskyn.
- (c) 'n Voetnoot is nie nodig indien die volle verwysing na die wet in die teks weergegee word nie.
- (d) Indien slegs die kort titel van die wet in die teks gegee word moet die nommer en jaar in die voetnoot verskyn, bv. *Wet op die Ouditeursprofessie*⁸ (in die teks) en 26 van 2005 (in die voetnoot).
- (e) As dit duidelik uit die inhoud blyk dat die bespreking oor een bepaalde wet of 'n sekere artikel van 'n wet handel, kan dit afgekort word na: "die Wet", bv. "Artikel 31(2) van die *Wet op die Voorsiening van Veiligheid 10 van 2001* (hierna die Wet) bepaal dat ... Die Wet voorsien verder dat ..."
- (f) Wanneer 'n voetnoot met die woord "afdeling" ("section") begin, moet "Afdeling" ("Section") uitgeskryf word (vgl. voorbeeld hierbo). Indien die woord "afdeling" ("section") egter verder in die sin van die voetnoot voorkom, word "afdeling" ("section") afgekort na "a" ("s") en "afdelings" ("sections") na "aa" ("ss") (vgl. voorbeeld hierbo).
- (g) Die amptelike voorgeskrewe manier om na die **Grondwet van Suid-Afrika** te verwys is: *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996* (*Constitution of the Republic of South Africa, 1996*).
- (h) Die **oorgang / tussentydse Grondwet** word amptelik na verwys as: *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 200 van 1993*.

5.5 Internasionale instrumente

- (a) Verwys na die verwysingstyl van die *South African Journal on Human Rights (SAJHR)*⁹ vir gereelde verwysings na / wel bekende internasionale regsinstrumente.

⁸ 26 van 2005.

⁹ SAJHR date unknown http://www.wits.ac.za/academic/clm/law/southafricanjournalonhumanrights/11083/house_style.html.

VOORBEELD

Voetnoot

¹ A 3 of the Universal Declaration of Human Rights (1948).

Bibliografie (onder die opskrif "Internasionale instrumente")

Universal Declaration of Human Rights (1948)

- (b) In die geval van minder bekende internasionale regsinstrumente, verwys na die *International Legal Materials reference*.¹⁰ Indien laasgenoemde nie beskikbaar is nie, verskaf die United Nations Treaty Series reference.¹¹ of UN Doc, of OAU Doc verwysing.

VOORBEELD

Voetnote

¹ *United Nations Code of Conduct on Transnational Corporation* (1984) 23 ILM 626.

² *Resolution on an International Development Strategy for the Third UN Development Decade* GA Res 35/56, UN Doc A35/56 (1981) par 156.

Bibliografie (onder die opskrif "Internasionale instrumente")

United Nations Code of Conduct on Transnational Corporation (1984)
23 ILM 626

Resolution on an International Development Strategy for the Third UN Development Decade GA Res 35/56, UN Doc A35/56 (1981)

¹⁰ International Legal Materials available at American Society of International Law date unknown <http://www.asil.org/resources/international-legal-materials>.

¹¹ United Nations date unknown <https://treaties.un.org/>.

5.6 Suid-Afrikaanse staatspublikasies

VOORBEELD

Voetnote

¹ Reg 3(1)(a) in GN R456 in GG 11456 of 24 April 2006.

² Reg 4(c) in Proc R34 in GG 10345 of 13 December 2005.

³ Item 1(a) in Gen Not 342 in GG 24567 of 24 December 2006.

Bibliografie (onder die opskrif "Staatspublikasies")

GN R456 in GG 11456 of 24 April 2006

Proc R34 in GG 10345 of 13 December 2005

Gen Not 342 in GG 24567 of 24 December 2006

* GK – Goewermentskennisgewing (en nommer) / GN - (Government Notice)

** Prok – Proklamasie (en nommer) / Proc - Proclamation

*** AK – Algemene Kennisgewing (en nommer) / Gen Not – General Notice

**** SK – Staatskoerant (en nommer) / GG – Government Gazette

5.7 Internetbronne

5.7.1 Algemeen

- (a) Verskillende tipes bronne word op die internet gepubliseer. 'n Internetbron is 'n bron wat eksklusief op die internet beskikbaar is, bv. webtuistes en webjoernale ("blogs"). (Gepubliseerde boeke wat op die internet beskikbaar is, moet steeds as boeke verwys word). Dokumente soos verslae wat op die internet beskikbaar is maar nie webtuistes of webjoernale is nie, moet verwys word volgens die riglyne vir "Ander literatuur bronne" (sien hierbo).
- (b) Internetadresse moet in swart getik word en mag nie onderstreep wees nie. Moenie hiperskakels ("hyperlinks") gebruik vir 'n internetadres in verwysings nie.
- (c) Enige wetenskaplike tydskrifartikels, boeke, wetgewing, hofsake, internasionale regsinstrumente of enige ander bronne wat deur aanlyn databasisse verkry is, moet as sodanig verwys word, en nie as 'n internetbron nie.

5.7.2 *Notas vir internetbronverwysings in voetnote*

- (a) Die volgende inligting moet in 'n **voetnootverwysing** gegee word: (a) die **outeur** (maatskappy, organisasie of instelling of 'n individu se van); (b) **datum van publikasie**; en (c) die **Internetadres** (URL) van die bron.

VOORBEELD

Voetnoot

¹ Clarkson 1998 <http://webjcli.ncl.ac.uk>.

of

² Department of Labour 2009 <http://www.labour.gov/doc/health>.

- (b) Die **outeur se voorletters** word nie ingesluit in die voetnootverwysing nie maar moet in die bibliografiese inskrywing verskyn.
- (c) In gevalle waar die outeur se van of die publikasiedatum nie bekend is nie moet dit aangedui word deur die gebruik van "**Anon**" en "**datum onbekend**" ("date unknown").

5.7.3 *Notas vir internetbronverwysings in die bibliografie*

- (a) Die volgende inligting moet in die **bibliografie** inskrywing ingesluit word: (a) die **outeur** (maatskappy, organisasie of instelling of 'n individu se van en voorletters); (b) **datum van publikasie**; (c) die **naam van die webblad** of die **titel van die dokument** waarna verwys word, of die **titel van die inskrywing** op 'n webjoernaal of sosiale media platform (in kursief); (d) Die **internetadres** van die bron; en (e) die **datum** wanneer die bron gebruik was.

VOORBEELD

Bibliografie (onder die opskrif "Internetbronne")

Clarkson CMV 1998 *Culpability* <http://webjcli.ncl.ac.uk> accessed 21 May 2009

of

Department of Labour 2009 *Health and Safety Issues* <http://www.labour.gov/doc/health> accessed 25 November 2010

- (b) Indien geen outeur geïdentifiseer kan word nie of die publikasie datum nie bekend is nie, word dit in die bibliografie inskrywing aangedui as "**Anoniem**" en "**datum onbekend**".
- (c) Al die inskrywings onder die opskrif "Internetbronne" in die bibliografie moet voorafgegaan word deur die **verkorte verwysing** soos in die voetnoot.

BIBLIOGRAFIE

Literatuur

Alexander and Martins 1996 *Management and Law Review*

Alexander CR and Martins MA "Origins of Corporate Crime" 1996
Management and Law Review 421-435

Badahla 2001 *SA Journal of Psychology and Law*

Badahla K "Organisational Psychology and Workplace Control: The Instrumentality of Corporate Culture" 2001 *SA Journal of Psychology and Law* 43-49

Bekker *et al Corporate Culture and Law*

Bekker R *et al Corporate Culture and Law* (Human Resource Development Press London 2011)

Brand "The Right to Food"

Brand D "The Right to Food" in Brand D and Heyns C (eds) *Socio-Economic Rights in South Africa* (PULP Pretoria 2005) 153-189

Fisse 1982-1983 *S Cal L Rev*

Fisse B "Reconstructing Corporate Criminal Law: Deterrence, Retribution, Fault, and Sanctions" 1982-1983 *S Cal L Rev* 1141-1246

Fisse and Braithwaite 1988 *Sydney L Rev*

Fisse B and Braithwaite J "The Allocation of Responsibility for Corporate Crime: Individualism, Collectivism and Accountability" 1988 *Sydney L Rev* 467-513

Fisse and French (eds) *Corrigible Corporations and Unruly Law*

Fisse B and French PA (eds) *Corrigible Corporations and Unruly Law* (Trinity University Press San Antonio 1986)

Snyman *Criminal Law*

Snyman CR *Criminal Law* 5th ed (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

Van der Merwe "Sectional Titles"

Van der Merwe CG "Sectional Titles" in Joubert WA and Faris JA (eds) *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 2000) 1-25

Regspraak

Free State Cheetahs (Pty) Limited v Mapoe (O) unreported case number 4587/2010 of 29 September 2010

S v Majosi 1991 2 SASV 532 (A)

S v Masilela 1968 2 SA 558 (A)

Van Eeden v Minister of Safety and Security 2003 1 SA 389 (SCA)

Wetgewing

Auditing Profession Act 26 of 2005

Constitution of the Republic of South Africa, 1996

National Environmental Management Act 108 of 1998

Internasionale instrumente

Resolution on an International Development Strategy for the Third UN Development Decade GA Res 35/56, UN Doc A35/56 (1981)

Universal Declaration of Human Rights (1948)

Staatspublikasies

GN R456 in GG 11456 of 24 April 2006

Proc R34 in GG 10345 of 13 December 2005

Gen Not 342 in GG 24567 of 24 December 2006

Internetbronne

American Society of International Law date unknown <http://www.asil.org/resources/international-legal-materials>

American Society of International Law date unknown *International Legal Materials* <http://www.asil.org/resources/international-legal-materials> accessed 24 February 2014

Anon 2010 <http://www.watersan/docs/F1368>

Anonymous 2010 *Water and Sanitation: The Outcome of the Phiri Case* <http://www.watersan/docs/F1368> accessed 16 March 2010

Clarkson 1998 <http://webjcli.ncl.ac.uk>

Clarkson CMV 1998 *Culpability* <http://webjcli.ncl.ac.uk> accessed 21 May 2009

Department of Labour 2009 <http://www.labour.gov/doc/health>

Department of Labour 2009 *Health and Safety Issues* <http://www.labour.gov/doc/health> accessed 25 November 2010

Department of Labour date unknown <http://www.labour.gov/doc/equility>

Department of Labour date unknown *Equality in the Workplace* <http://www.labour.gov/doc/equality> accessed 25 November 2010


SAJHR date unknown http://www.wits.ac.za/academic/clm/law/southafricanjournalonhumanrights/11083/house_style.html

SAJHR date unknown *House Style* http://www.wits.ac.za/academic/clm/law/southafricanjournalonhumanrights/11083/house_style.html accessed 24 February 2014

University of Oxford 2012 <http://denning.law.ox.ac.uk/published/oscola.shtml>

University of Oxford 2012 *OSCOLA* <http://www.law.ox.ac.uk/publications/oscola.php> accessed 10 March 2014

APA-STYL



INHOUDSOPGAWE

| | | |
|-----------|--|-----|
| 1. | INLEIDING | 87 |
| 1.1 | Plagiaat | 87 |
| 1.2 | Doel van aanhalings (in teks) en verwysings (bronnelys) | 87 |
| 2. | TEKSVERWYSINGS | 88 |
| 2.1 | Indirekte aanhalings / parafrases | 88 |
| 2.2 | Direkte aanhalings | 89 |
| 2.3 | Outeurs | 91 |
| 2.3.1 | Een outeur | 91 |
| 2.3.2 | Twee outeurs | 91 |
| 2.3.3 | Drie of meer outeurs | 92 |
| 2.3.4 | Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar | 93 |
| 2.3.5 | Twee outeurs met dieselfde van | 94 |
| 2.3.6 | Anonieme outeur / Geen outeur aangedui nie | 95 |
| 2.3.7 | Instansie / organisasie as outeur | 95 |
| 2.4 | Sekondêre aanhalings | 96 |
| 2.5 | Teksverwysings na meer as een bron | 97 |
| 3. | DIE BRONNELYS | 98 |
| 3.1 | Algemene beginsels | 98 |
| 3.2 | Alfabetisering in die bronnelys | 98 |
| 3.3 | Elemente van 'n inskrywing in die bronnelys | 99 |
| 3.3.1 | Outeurs | 99 |
| 3.3.2 | Datum van publikasie | 100 |
| 3.3.3 | Titel | 100 |
| 3.3.4 | Bron van inligting | 101 |
| 4. | VERWYSINGS NA SPESIFIEKE BRONNE IN DIE BRONNELYS | 102 |
| 4.1 | Boeke | 102 |
| 4.2 | Hoofstuk in 'n versamelwerk | 102 |
| 4.3 | Elektroniese boeke (e-boeke) | 103 |
| 4.3.1 | E-boeklesers | 103 |
| 4.3.2 | E-boeke vanaf aanlynbiblioteke | 103 |
| 4.3.3 | Hoofstuk in e-versamelwerk | 104 |
| 4.4 | Ensiklopedieë | 104 |
| 4.4.1 | Gedrukte ensiklopedieë | 104 |
| 4.4.2 | Elektroniese ensiklopedieë | 104 |
| 4.5 | Woordeboeke | 104 |
| 4.5.1 | Woordeboeke met 'n outeur(s) | 104 |
| 4.5.2 | Woordeboeke met 'n redakteur(s) of samesteller(s) | 105 |
| 4.5.3 | Woordeboeke met redakteur(s) of samesteller(s), elke artikel deur verskillende outeur(s) | 105 |
| 4.5.4 | Aanlyn woordeboeke | 106 |
| 4.5.5 | Woordeboeke op slimfontoepassings | 106 |

| | | |
|-----------|---|------------|
| 4.6 | Proefskrifte en verhandelinge | 106 |
| 4.6.1 | Ongepubliseerde proefskrif of verhandeling | 106 |
| 4.6.2 | Proefskrif of verhandeling vanaf 'n institusionele databasis | 106 |
| 4.6.3 | Proefskrif of verhandeling vanaf 'n kommersiële databasis bv.ProQuest | 107 |
| 4.7 | Tydskrifartikels | 107 |
| 4.7.1 | Aanlyn tydskrifartikels | 107 |
| 4.8 | Internet- en ander elektroniese inligtingsbronne | 108 |
| 4.8.1 | Artikels verkry vanaf 'n webwerf | 108 |
| 4.8.2 | Elektroniese nuusbriewe | 109 |
| 4.8.3 | Webjoernale (Blogs) | 109 |
| 4.8.3.1 | Kommentare op webjoernale (Blog comments) | 110 |
| 4.8.4 | Sosiale media | 110 |
| 4.8.4.1 | Facebook | 111 |
| 4.8.4.2 | Twitter | 111 |
| 4.8.4.3 | Instagram | 111 |
| 4.8.5 | Oudiovisuele en ander media op die internet | 112 |
| 4.8.6 | Lesingnotas op 'n leerderbestuurstelsel (eFundi) | 113 |
| 4.9 | Konferensiebydraes gepubliseer in 'n versamelwerk | 113 |
| 4.9.2 | Konferensiebydraes gevind op die internet | 113 |
| 4.10 | Studiegidse | 114 |
| 4.11 | Koerantberigte | 114 |
| 4.11.1 | Koerantberigte in hardekopie | 114 |
| 4.11.2 | Elektroniese koerantberigte | 114 |
| 4.12 | Wette | 115 |
| 4.12.1 | Suid-Afrikaanse wette | 115 |
| 4.12.2 | Internasionale wette | 115 |
| 4.13 | Hofsake | 116 |
| 4.14 | Staatspublikasies | 116 |
| 4.14.1 | Staatskoerant | 116 |
| 4.14.2 | Provinsiale koerant | 117 |
| 4.15 | Die Bybel en ander religieuse geskrifte | 117 |
| 4.15.1 | Die Bybel | 117 |
| 4.15.1.1 | Bybelkommentare | 117 |
| 4.15.2 | Die Koran | 118 |
| 4.16 | Klassieke werke | 118 |
| 4.17 | Persoonlike kommunikasie (onderhoude, briewe, e-pos) | 118 |
| 4.18 | Musiekpartiture | 118 |
| 4.19 | Datastelle | 119 |
| 4.20 | Oudiovisuele en ander media | 119 |
| 5. | VOORBEELD BRONNELYS | 121 |

1 INLEIDING

Die riglyne wat in hierdie gids uiteengesit is, is gebaseer op die sewende uitgawe van die APA-handleiding, gepubliseer in Oktober 2019. Dis raadsaam om hierdie gids te gebruik in samewerking met die sewende uitgawe van die APA-handleiding vir volledige besonderhede oor die APA-styl.

Die APA-metode is 'n outeur-datum verwysingstyl. Dit impliseer dat 'n kort verwysing (outeur en datum) in die teks gemaak word, met 'n ooreenstemmende inskrywing in die alfabetiese bronnelys, wat meer inligting gee oor die bron wat gebruik word. Elke teksverwysing moet 'n ooreenstemmende inskrywing in die bronnelys hê, en elke inskrywing in die bronnelys moet 'n teksverwysing hê.

1.1 Plagiaat

Plagiaat is die weergee van iemand anders se werk of idees sonder om die persoon erkenning te gee, en dit dan as jou eie aan te bied. Dit is akademiese of intellektuele diefstal. As jy 'n sin in jou referaat of akademiese verslag skryf 'n sonder 'n verwysing, of woorde sonder aanhalingstekens, beteken dit dat dit jou eie werk of oorspronklike idee is. Indien dit egter nie jou eie werk of oorspronklike idee is nie, pleeg jy plagiaat, wat 'n ernstige oortreding in akademiese kringe is. Selfs wanneer jy 'n sin of 'n gedeelte van 'n ander outeur se werk vertaal, of in jou eie woorde omskryf (parafraseer), moet jy steeds erkenning gee aan die outeur deur 'n verwysing in die teks en 'n inskrywing in die bronnelys te maak.

Deur noukeurige in-tekstverwysings, en volledige verwysings in die bronnelys, word plagiaat verhoed.

Akademiese verslagskrywing vereis dus dat alle bronne wat geraadpleeg is in die teks vermeld word, sowel as 'n volledige beskrywing daarvan in 'n bronnelys.

1.2 Doel van aanhalings (in teks) en verwysings (bronnelys)

- Dit verleen erkenning aan die oorspronklike outeur van wie standpunte of feite oorgeneem is.
- Die skrywer lewer bewys waar hy sy inligting vandaan gekry het.

- Die verwysings na bronne staaf die volledigheid van die ondersoek.
- Verwysings na gesaghebbende bronne verleen gesag aan die skrywer se standpunte of idees.
- Verwysings verstrek bewyse aan die leser van die herkoms van die skrywer se sienings.
- 'n Bronnelys verskaf inligting aan die leser om op sy beurt die bronne op te spoor en te raadpleeg as hy wil verifieer of die bronne korrek aangehaal / geïnterpreteer is.
- Die bronnelys dien as 'n addisionele bron van inligting oor die onderwerp indien die leser meer bronne oor die onderwerp wil raadpleeg.

2 TEKSVERWYSINGS

'n Teksverwysing bestaan uit die **outeur(s) se van** en die **datum** van publikasie. 'n Bladsynommer is nie nodig in teksverwysing nie, behalwe wanneer direkte aanhalings gebruik word, of as daar na 'n spesifieke plek verwys moet word waar die inligting in die bron beskikbaar is.

2.1 Indirekte aanhalings / parafrases

'n Indirekte aanhaling is wanneer jy 'n outeur se gedagtes in jou eie woorde weergee. Sorg dat jy die gees en argumente van die oorspronklike teks behou en moenie die oorspronklike konteks verdraai vir jou eie doeleindes nie. Varieer die styl van aanhaling.

Teksverwysings kan parenteties of narratief (vertellend) wees. Die parentetiese formaat is waar die skrywer se van en datum in hakies is, gewoonlik aan die einde van 'n sin. In die narratiewe formaat (vertellingsformaat) is die outeur se van deel van die sin met slegs die datum tussen hakies.

Aan die einde van die sin (parentetiese formaat):

Patients need to know that they can trust and rely on health care practitioners to take care of their problems (Healy, 2011).

As deel van die sin (narratiewe formaat):

According to Healy (2011) patients need to know that they can trust and rely on health care practitioners to take care of their problems.

2.2 Direkte aanhalings

Alhoewel dit beter is om bronne te parafraseer (indirekte aanhaling) is direkte aanhalings wel soms nodig, veral as jy 'n presiese definisie weergee, of as 'n outeur iets op so 'n manier gesê het dat jy dit nie in jou eie woorde beter kan beskryf nie. Die outeur, datum **en bladsynommer** van die aanhaling moet aangedui word as jy direk aanhaal.

In die middel van die sin (let op punktuasie):

Zimbabwean youths show an interest in farming, but as Makate et al. (2018) conclude they “fail to make meaningful investments in agriculture” (p. 436), contributing to further unemployment amongst the youth in Zimbabwe.

Aan die einde van die sin (let op punktuasie):

Maori researchers' dissatisfaction with mainstream researchers has led to an increased desire and capacity for “by Maori, for Maori, with Maori research” (Cram et al., 2004, p. 167).

Wanneer 'n direkte aanhaling langer as 40 woorde is, word die aanhaling ingespring en geblok, sonder aanhalingstekens.

Begin die blokaanhaling op 'n nuwe lyn met inkeping van 1.27cm (0.50 inch) vanaf die linkerkantlyn en gebruik dubbelspasiëring.

Voorbeeld van blokaanhaling in narratiewe formaat (outeur is deel van die sin):

With the emphasis placed globally on human rights the following excerpt of Segone (2006) captures the importance of public policies which should be in place:

Within a human rights approach, evaluation should focus on the most vulnerable populations to determine whether public policies are designed to ensure that all people enjoy their rights as citizens, whether disparities are eliminated and equity enhanced, and whether democratic approaches have been adopted that include everyone in decision-making processes that affect their interests. (p. 12)

Voorbeeld van blokaanhaling in parentetiese formaat (teksverwysing is aan die einde van die sin):

Researchers have studied how people talk to themselves:

Inner speech is a paradoxical phenomenon. It is an experience that is central to many people's everyday lives, and yet it presents considerable challenges to any effort to study it scientifically. Nevertheless, a wide range of methodologies and approaches have combined to shed light on the subjective experience of inner speech and its cognitive and neural underpinnings. (Alderson-Day & Fernyhough, 2015, p. 957)

Vir direkte aanhalings uit bronne sonder bladsynommers (bv. webbladsye en sommige e-boeke), gebruik ander maniere om aan te dui waar die leser die aangehaalde inligting kan vind bv. paragraafnommer(s) of opskrif- of afdelingsname (jy kan 'n lang opskrif verkort), of 'n kombinasie van paragraafnommers en opskrifte.

Voorbeeld waar die paragraafnommer gebruik word:

People planning for retirement need more than just money—they also “need to stockpile their emotional reserves” to ensure adequate support from family and friends (Chamberlin, 2014, para. 1).

Voorbeeld waar die afdelingnaam in kombinasie met die paragraafnommer gebruik word:

Music and language are intertwined in the brain such that “people who are better at rhythmic memory skills tend to excel at language skills as well” (DeAngelis, 2018, Musical Forays section, para. 4).

2.3 Outeurs

’n Outeur is die persoon of instansie wat verantwoordelik is vir die intellektuele inhoud van die artikel, boek of verslag.

’n Organisasie of instansie kan ook ’n outeur wees, soos byvoorbeeld in die geval van ’n universiteit se jaarboek of ’n staatsdepartement se verslag.

2.3.1 Een outeur

In die teks, gee slegs die outeur se van en datum van publikasie.

Teks:

During 2016, mathematics clinics were enthusiastically attended by school learners during most school holidays (Mkhize, 2016).

Bronnelys:

Mkhize, D. (2016). Fix the pipeline! *Civil Engineering*, 11, 17-19.

2.3.2 Twee outeurs

Let op die verskil tussen die twee voorbeelde in die teks: wanneer die outeurs as deel van die sin gebruik word (narratiewe formaat), word **en** gebruik, maar wanneer die outeurs binne die hakies geskryf word aan die einde van die sin, word **&** gebruik. In die bronnelys word **&** ook gebruik.

Teks:

Semenya and Letsosa (2013) contend that witchcraft is a threat to the community.

OF

Witchcraft is a threat to the community (Semenya & Letsosa, 2013).

Bronnelys:

Semenya, D. K., & Letsosa, R. (2013). Effects and impact of witchcraft on Sotho Reformed churches and the Biblical view of witchcraft. *Verbum et Ecclesia*, 34(1), Article 676. <http://dx.doi.org/10.4102/ve.v34i1.676>

2.3.3 Drie of meer outeurs

Wanneer 'n bron drie of meer outeurs het, word die eerste outeur in die teks genoem, gevolg deur “et al.” in elke verwysing, **van die heel eerste verwysing af** (let op die punt aan die einde van “et al.” aangesien dit 'n afkorting vir “et alii” is). Dit word gevolg deur die datum. Onthou die res van die outeurs moet in die inskrywing in die bronnelys genoem word.

Teks:

According to Dikobe et al. (2016) the mental health of professional nurses is negatively affected when caring for psychiatric patients with dual diagnosis.

Bronnelys:

Dikobe, J., Manyedi, E. M., & Sehularo, L. A. (2016). Experiences of professional nurses in caring for psychiatric patients with dual diagnosis. *Africa Journal of Nursing and Midwifery*, 18(1), 183-197.

Uitsondering: indien twee afsonderlike publikasies deur dieselfde eerste outeur met dieselfde publikasiedatum gebruik word, en dit verkort na dieselfde vorm in die teks, gee by elk die tweede outeur (of soveel daaropvolgende outeurs soos nodig om die twee verwysings van mekaar te onderskei) gevolg deur et al.

(Schutte, Huisman, Schutte, Van Rooyen, Malan, & Malan, 2007), en (Schutte, Huisman, Schutte, Malan, Van Rooyen, Malan, & Schwarz, 2007), verkort beide na Schutte et al., 2007 in die teks. Gebruik soos volg:

Teks:

..... (Schutte, Huisman, Schutte, Van Rooyen et al., 2007).

..... (Schutte, Huisman, Schutte, Malan et al., 2007).

Bronnelys:

Schutte, A. E., Huisman, H., Schutte, R., Malan, L., Van Rooyen, J., Malan, N., & Schwarz, P. (2007). Differences and similarities regarding adiponectin investigated in African and Caucasian women. *European Journal of Endocrinology*, 157(2), 181-188.

Schutte, A. E., Huisman, H. W., Schutte, R., Van Rooyen, J. M., Malan, L. & Malan, N. T. (2007). Aging influences the level and functions of fasting plasma ghrelin levels: The POWIRS-study. *Regulatory Peptides*, 139(1-3), 65-71.

2.3.4 Meer as een verwysing na dieselfde outeur(s) in dieselfde jaar

Wanneer jy gebruik maak van meer as een publikasie deur dieselfde outeur(s) wat in dieselfde jaar uitgegee is, onderskei hulle deur a, b of c ná die datum in die teks asook in die bronnelys te tik. Sorteër hierdie inskrywings in die bronnelys alfabeties volgens die titels.

Teks:

Die afwesige pa is 'n probleem wat gesamentlik deur pastorale teologie en ander dissiplines soos die psigologie, sosiologie, berading en opvoedkunde ondersteun kan word (Freeks, 2017a).

Baie gesinne ervaar probleme om tieners te dissiplineer, daarom is die rol van 'n pa tuis baie belangrik om dissipline te handhaaf (Freeks, 2017b).

Bronnelys:

Freeks, F. E. (2017a). A pastoral-theological view on the fundamental role of the father in variance with contemporary family structures and its adverse challenges for fatherhood: A literature review. *Journal for Christian Scholarship*, 53(3-4), 177-192.

Freeks, F. E. (2017b). Responses of adolescents regarding the indispensable role of the Christian father as mentor within the family: A qualitative study. *In die Skriflig / In Luce Verbi*, 51(1), Art. 2255.
<http://dx.doi.org/10.4102/ids.v51i1.2255>

2.3.5 Twee outeurs met dieselfde van

Wanneer daar verwys word na twee verskillende outeurs met dieselfde van maar verskillende voorletters, moet die voorletters van die eerste outeur ingesluit word by al die verwysings in die teks, selfs al verskil die datums van publikasie. Dit sal help om verwarring in die teks te voorkom en dat die korrekte inskrywing in die bronnelys maklik opgespoor kan word.

Teks:

Die basis van 'n multi-rassige en multi-kulturele demokrasie, is in Mauritius, net soos in Suid-Afrika, die bevordering en beskerming van basiese menseregte (G. van der Walt, 2010).

Die vraag of Suid-Afrika se grondwet oorleef as 'n belofte van inklusiewe post-apartheid konstitusionalisme, of 'n vroeë dood sterf, lê in die hande van twee retroaktiewe diskoerse (J. van der Walt, 2010).

Bronnelys:

Van der Walt, G. (2010). The United Nations convention on the rights of the child – has the bridge been crossed between theory and practice: Mauritius and South Africa? *Obiter*, 31(3), 715-724.

Van der Walt, J. (2010). Vertical sovereignty, horizontal constitutionalism, subterranean capitalism: A case of competing retroactivities. *South African Journal on Human Rights*, 26(1), 102-129.

Dit kan ook in rare gevalle gebeur dat jy bronne gebruik waar twee verskillende outeurs dieselfde van en voorletters het en in dieselfde jaar publiseer. Dit is dan nodig om die outeurs se voorname in die teksverwysing en bronnelys te gebruik om hulle van mekaar te onderskei.

Teks:

Beplanning en behoorlike administrasie is van kardinale belang om van opleidingsprogramme in 'n organisasie 'n sukses te maak (Marjon Meyer, 2016).

Een van die belangrike stappe vir 'n organisasie om op hoogte te bly van die wetgewing aangaande vaardighedsontwikkeling is om 'n vaardighedsontwikkelingsfasiliteerder aan te stel (Marius Meyer, 2016).

Bronnelys:

Meyer, Marius. (2016). Human resource development legislation. In M. Meyer (Ed.), *Managing human resource development: A strategic learning approach* (5th ed., pp. 25-60). LexisNexis.

Meyer, Marjon. (2016). Planning and organising training. In M. Meyer (Ed.) *Managing human resource development: A strategic learning approach* (5th ed., pp. 223-251). LexisNexis.

2.3.6 Anonieme outeur / Geen outeur aangedui nie

Indien geen outeur geïdentifiseer kan word nie, word die titel in die teksverwysing gebruik, gevolg deur die datum van publikasie. In die bronnelys begin die inskrywing met die titel.

Teks:

Verskeie innoverende musikale ontwikkelings het gedurende die sestiende en sewentiende eeue plaasgevind (Chamber music, 2009).

Bronnelys:

Chamber music. (2009). Retrieved September 30, 2019, from <http://www.classical.com/classical.cfm?music=instrumentInfo§ion=ChamberMusic&title=About%20Music>

2.3.7 Instansie / organisasie as outeur

Die instansie se afkorting / akroniem kan in die teks gebruik word (sien voorbeeld en tabel van basiese verwysingstyle onder), maar gebruik die volle naam van die organisasie in die bronnelys. Moenie die afkorting / akroniem in die bronnelys gebruik nie.

Teks:

Die verbruikersinflasie het vanaf 4,9% in September 2018 gestyg tot 5,1% in Oktober 2018 (Statistics South Africa [Stats SA], 2018).

OF

Data from Statistics South Africa (Stats SA, 2018) indicated that the consumer price inflation went up from 4,9% in September 2018 to 5,1% in October 2018.

Bronnelys:

Statistics South Africa. 2018. *Consumer price index: October 2018*. (Statistical release P0141). <http://www.statssa.gov.za/publications/P0141/P0141October2018.pdf>

Basiese verwysingstyle

| Tipe outeur | Parentetiese aanhalings | Narratiewe aanhalings |
|---|---|--|
| Een outeur | (Mkhize, 2016) | Mkhize (2016) |
| Twee outeurs | (Semanya & Letsosa, 2013) | Semanya and Letsosa (2013) |
| Drie of meer outeurs | (Dikobe et al., 2016) | Dikobe et al. (2016) |
| Groep outeur met 'n afkorting / akroniem | | |
| Eerste verwysing | (World Health Organization [WHO], 2020) | World Health Organization (WHO, 2020) |
| Verdere verwysings | (WHO, 2020) | WHO (2020) |
| Groep outeur sonder 'n afkorting / akroniem | (National Institute of Mental Health, 2020) | National Institute of Mental Health (2020) |

2.4 Sekondêre aanhalings

'n Sekondêre bron is byvoorbeeld wanneer 'n outeur oor Freud se siening van psigoanalise wil skryf, maar hy het nie Freud se eie werke gelees nie – hy gebruik die werk van ander outeurs soos Smith, Jones of White wat daaroor geskryf het. Daar word dan sekondêr na Freud verwys. Dit is moontlik dat Smith, Jones of White Freud se siening heeltemal verkeerd geïnterpreteer het, en dan gaan jy as student/navorsers heeltemal onwetenskaplik en oneties te werk. Probeer dus om sekondêre aanhalings tot die minimum te beperk, aangesien dit “tweedehandse” inligting is.

Indien die primêre bron nie beskikbaar is nie, of dalk in 'n vreemde taal is, kan sekondêre inligting gebruik word.

As die publikasiedatum van die primêre bron bekend is, moet dit ingesluit word in die verwysing in die teks.

Die sekondêre bron word apart gelys in die bronnelys

Teks:

According to Freud (as cited by Williams, 1996), dreams are ...

Bronnelys:

Williams, L. (1996). *Freud's theories about dreams*. Batsford.

► ***Slegs bronne wat jy in jou hand gehad het kry inskrywings in die bronnelys. In hierdie geval Williams.***

2.5 Teksverwysings na meer as een bron

Wanneer na meer as een bron verwys word om 'n stelling te maak, rangskik die verwysings alfabeties volgens eerste outeur, in dieselfde volgorde soos wat dit in die bronnelys sal verskyn. Gebruik 'n kommapunt na elke verwysing.

The field of inclusive education has been criticized for inadequate theoretical rigour and conceptual clarity (Allan, 2014; Black-Hawkins, 2014; Waitoller & Artiles, 2013; Walton, 2016).

Wanneer daar na verskeie bronne verwys word in die narratief (outeurs is deel van die sin), kan die onderskeie outeurs in enige volgorde genoem word.

According to Walton (2016) and Black-Hawkins (2014) the field of inclusive education has been criticized for inadequate theoretical rigour and conceptual clarity.

Tekstverwysings na twee of meer werke deur dieselfde outeur moet volgens publikasiedatum rangskik word.

Die outeur se van word een keer geskryf, gevolg deur die datums. Bronne wat nog nie gepubliseer is nie word laaste genoem.

Past research (Gogel, 1990, 2006, in press) showed that ...

3 DIE BRONNELYS

3.1 Algemene beginsels

- Begin die bronnelys op 'n nuwe bladsy. Die term **Bronnelys (References)** moet gesentreerd bo-aan die bladsy staan.
- Die bronnelys moet **dubbelspasiëring** tussen en binne die inskrywings hê; elke inskrywing het 'n **hangende inkeping** (“hanging indent”).
